

Afrikaanse Gedigte

*Faksimilee-weergawe van die
oorspronklike uitgawe, 1878*

EERSTE VERSAMELING.



839.36108

AFR

Afrikaans is net lig
Om liedjies te dig.

VERKRYGBAAR BY AL ONS AGENTE.

PAARL, 1878.



Afrikaanse Gedigte

EERSTE VERSAMELING

'n Faksimile-weergawe
van die oorspronklike
uitgawe, 1878

NUWE REEKS NO. 13
UITGEGEE DEUR
HUMAN & ROUSSEAU
VIR DIE PATRIOT-VERENIGING
VIR AFRIKAANSE TEKSUITGAWES
VAN DIE S.A. AKADEMIE
VIR WETENSKAP EN KUNS

ISBN 0 7981 0671 9

Hierdie faksimile-weergawe
van die oorspronklike uitgawe
is in 1975 uitgegee deur

Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.,
Roosstraat 3-9, Kaapstad; Pretoriusstraat 239, Pretoria
Litografiese positiese deur Photo-Sepro (Edms.) Bpk., Kaapstad
Gedruk deur Citadel-Pers, Lansdowne, Kaap

Dank word betuig aan die Biblioteek
van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein
vir die beskikbaarstelling van 'n eksemplaar
van die oorspronklike uitgawe.

Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur
'n ruim bydrae van die Afrikaanse Taalmonumentkomitee,
teenoor wie die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
sy opregte dank betuig.

Afrikaanse Gedigte.

EERSTE VERSAMELING.



Afrikaans is net jyg
Om lietjies te dijg.

VERKRYGBAAR BY AL ONS AGENTE.

PAARL, 1878.

VOORREDE.

Die eerste voortbrengsels in alle tale was gedigte. Soos die gees van 'n nasie ontwaak ver syn taal, dan drak die gevoel sig uit in digmaat. Die ouste geskrifte in alle tale is dan oek meesal in poësie.

Net so is dit hier oek. Die eerste andwoord op die Oproeping van ons Genootskap, an alle regte Afrikaners om te staan ver hulle Moedertaal en Vaderland, was een stroom van gedigte, gerig an "*Oom Lokomotief*," die onbekende Redakteur van "*Die Afrikaanse Patriot*." Die *Patriot* was dan oek altyd voorsien van 'n ryke voorraad gedigte en lietjies; en toen ons besluit, op die dringende begeerte van so veule voorstanders deur die hele land, om 'n eerste versameling van die gedigte uit to ge, was dit nie moeilik om genoeg te kry nie, mar om uit die grote voorraad 'n keuse te doen. Al die gedigte is dan oek uit ons *Patriot* en *Almanak*, en uit die tyd van die taalbeweging. Twee uit die *Volksblad* is van 'n lietjie vroeger en daar staat dit by waaruit dit o'ergencem is. Een is uit die *Z. A. Tydschrift*, oek in die tyd van die beweging. Verder het ons die eerste versameling nog moet inkort, omdat dit mar 'n proewe is, en die twee hoofde: *Ver Kinderen en Jong Mense*, en *Godsdienstige Gedigte*, het ons gelaat ver later.

Natuurlik is hierin, as versameling van gedigte deur verskillende persone, stukke van meerdere en mindere waarde. Ons is nog mar in die begin, en dus vër van die volmaaktheid. En to: kan ons nie sien waarin *Die Afrikaanse Volkslied* (bl. 1) moet agter staan ver die Volkslied van enige andere nasie nie. En waarom sou *Helena en Eiluard* (bl. 48) nie 'n plaas kan hê naas ballades ? andere tale nie ? Wat kan 'n mens meer verwag van snaakse geestige gedigte as byv. *Moeilikheid om Lietjies te maak op 'n Boerplaas*. (bl. 41) ? 'n Meesterlike allegorie (verbloemde voorstelling) is 'n *Onmenselike droom* (bl. 7). Laat imand perbeer om 'n beter gedig met 'n sedelike strekking te maak as *Jan Bantjies* (bl. 70). Ware nasionaliteit kom uit in *Ons Toekomstige Volkslied* (bl. 2), vloeibaarheid van die taal in 'n *Afrikaanse Lietjie* (bl. 21), voortrefflikheid van digmaat in *Rasende Afgodery* (bl. 25) en *Die Steweltjies Van Sunnie* (bl. 60). Om kort te gaan, hierin is 'n proewe om te laat sien dat onse taal geskik is ver digkünde op ider gebied.

Mog oek die klein boekie dien, om die liefde van onse landgenote ver hulle Moedertaal meer te versterk, en die lus ver digkünde meer op 'te wek !

INHOUD.

I. VER VADERLAND.	Bl.
Die Afrikaanse Volkslied	1
Ons Toekomstige Volkslied	2
Transvalers, pas op!	3
Ons Parlement	4
'n Onmenselike Droom	7
Transvaalse Lietjie	9
Tier nagedagtenis van Kommandant Louw	
Wippenaar	12
Vaderlandsliefde	13
Afrikaanse Volkslied	14
Lied van die Voortrekkers	16
II. VER MOEDERTAAL.	
Die Afrikaanse Taal	20
Afrikaanse Lietjie	21
Antwoord daarop	24
Rasende Afgodery	25
Oproeping	26
Skool Lietjie	27
Ons is so bly	27
Die Afrikuanse Taal	28
Ons Skool	29
Ver Moedertaal	30
III. OP DIE PATEIOT.	
An Spotters	33
An die "Afrikaanse Patriot"	33

Klaas Geswint	...	...	...	...	36
Die Patriot 'n Kourant	...	...	...	...	37
1878 ...	...	...	...	...	39

IV. VERTELLINGS.

Moelikheid om liedjes te maak op 'n Boer- plaas...	...	...	...	...	41
So'n klein Stantjie...	...	...	...	...	42
Hendrik en Maria	...	...	...	...	44
Helena en Eduard	...	...	...	...	48
Die ou Predekant en Frits die Koster	...	...	...	...	51
Die Besemstok	...	...	...	...	55
Morre- en Aant-rede	...	...	...	...	58
Die Steweltjies van Sannie	...	...	...	...	60
Klaas Geswint en syn Pêrt	...	...	...	...	62
Kyk na die Klok	...	...	...	...	65
Jan Bantjies	...	...	...	...	70
Pieter en Betje	...	...	...	...	76

V. GEMENGDE GEDIGTE.

Vanselewe en Te'enswoordig	...	...	...	79
Ver ider maand van die jaar	...	...	...	79
Kerel, pas op!	...	...	...	83
Maak oop jou oge!	...	...	...	84
Uitnodiging an Annie	...	...	...	85
Myn Vrontjie het 'n Seun gekry	...	...	...	86
Ver Dopstekers	...	...	...	87
Opening van Kogmans Kloof	...	...	...	89
'n Ware Profesie	...	...	...	92
Lied van die Diamand	...	...	...	93

VER VADERLAND.

DIE AFRIKAANSE VOLKSLIED.

Een ider nasie het sijn LAND,
Ons woon op Afrikaanse strand.
Ver ons is daar gen beter grond
Op al die wij'e wêreldrond.
Trots is ons om die naam te dra
Van kinders van Suid Afrika.

Een ider nasie het sijn TAAL,
Ons praat van Kaap tot in Transvaal,
Wat almal maklik kan verstaan,
Wat gaat die ander tale ons aan?
Ons praat so's Pa en Oupapa,
Die Landstaal van Suid Afrika.

Een ider nasie het sijn WET,
Wat goed gebied en kwaad belet;
En elk sijn wet is na sijn aard,
En gaat met sijn natuur gepaard:
So volg ons oek die sede na,
Wat thuis hoort in Suid Afrika.

Een ider nasie het sijn REG,
Al is hij nog so swak en sleg.
Daar is een Oog wat alles merk;
Hij set die onreg paal en perk.
Hij kijk oek ons verdrukkeers na,
En waak oek ver Suid Afrika.

Een ider nasie het sijn TIJD
Om op te groei en af te slijt,

Want al die nasies het één God.
Hy re'el ider volk sijn lot;
Hy het ver ider volk sijn taal,
Sijn land, sijn reg, syn tijd bepaal.
Wie dit verag sal Sijn straf dra.
O God, beskerm Suid Afrika!

Waar Tafelberg begin tot vèr in die Transvaal
Woon één verenig volk,—één algemene taal;
Een volk voorheen miskent, een taal voorheen
Mar nou beroemt, geëert, in Oos, Wes, Suid en
[Noord.

Die Afrikaanse taal die klink ver ons so soet;
Hy is ons moedertaal—sit in ons murg en bloed;
Ons ruil hom ver gen taal al is die nóg so skoon.
Daarvoor het ons gely veragting, smaad en hoon.

Deur eendrag saamgeknop in sterke broedcr-
[band.
Is al die burgers vry, van ons vereenigt land;
Die land is ruim en kan miljoene nog bevat,
Die band kan niemand breek met wapens, geld,
[of wat.

Europa! roem gerus op al jou grote prag.
 Ons wil ons lot nie ruil, nie ver een enkel dag;
 By jou is plaasgebrek en dikwyls hongersnood,
 By ons is goud genoeg, die wat wil werk het
 [brood.

Die heilige Bybelboek wort by ons hoog geëer;
 Ons ag dit as die woord van onse liewe Heer;
 Hy leer wat ons moet doen en dit is ons genoeg;
 Ons bring hom waar ons kom te same met die
 [ploeg.

Gedenk an Volk en Land, getrouwe Hemelheer!
 Siet gunstig oek op ons nes op ons vaders neer!
 Rekroon ons handewerk, en skenk ons uw gena!
 En seggen, liewe Heer, 't verenigt Afrika!

TRANSVALERS, PAS OP!

Daar kom 'n stem uit Engeland.

Pas op!

“Transvaal, geeft ons die broederhand!”

Pas op! Pas op!

Die stem klink mooi en soet;

Dis alles wel en goed;

Mar pas op wat jul doet.

Let jul nie op,

Dan's jul gefop:

Een “Volksstem” wort oek al gehoor,

Let op!

“Non kom, ons geef die land mar o'er;”

Let op! Let op!

Die stem klink lief en skoon:

“Dan wort ons ryk beloon;

Beskermd deur Britse kroon,”

Hoor jul daarnaar,

Dan is dit klaar!

Mar wag daar staat Paul Kruger op!

Hoor nou!

“Myn kinders, lat jul so nie fop!

Hoor nou! Hoor nou!

Ons land is vry; blyf vry!
 Ons het daarvoor gestry,
 Ons het daarvoor gely;
 Né, niemand sal dit kry;
 Die land sal ons syn bly.
 Kom, kinders, staat myn by;
 Staat moedig an myn sy!
 Steek hoog op die Transvaalse vlag
 Ver Vaderland en Nageslag!
 Daar kom ver ons een beter dag;
 Kom, lat ons stry en biddend wag!

ONS PARLEMENT.

Hoor, Vrinde van ons Land !
 Tot an die Kaapse strand ;
 Ek wil jul wat verhaal
 Van volke en Land en Taal.
 Die Land wat ons op woon
 Hoort an die Britse kroon ;
 Dit het hul hier geruil
 Ver land oorkant die kuil.
 Hul het hier as menceer
 En tyd lank geregeer ;
 Mar toen kon hul niet hou,
 Want gou was hulle flou ;
 Hul roep ons by makkaar
 En seg: "Maak jul nou klaar ;
 Nou kan jul self regeer ;
 Wat wil jul nou nog meer?
 Kies nou 'n Parlement ;
 Maak wette sonder ent !"

Ag wat was ons tog bly,
 Ons het ons sin gekry !
 Kom nou, lat ons begin !
 Nou wette na ons sin !

Ver rondlopers een wet!
 Die diewery belet!
 Byeenkoms wort gelou;
 Die saak moet nou op tou.
 Almal is nou tevrede,
 Ons kies mos self die lede.
 Ja toen maak ons die plaan
 Om almal saam te gaan,
 En oom Joubert to kies;
 Mar hy het dit verlies.
 Ons vraag: "Wat is die rede,
 Dat Afrikaanse lede
 Nie na die Raad kan gaan
 Om ver ons land te staan?"
 Toen seg hulle: "Joubert
 Ken Engels nie so vêr."
 Toen sal ons dit eers merk,
 In Engels is die werk.
 Toen wort ons dit gewaar,
 Met Afrika is klaar.
 Toen praat ons oek nie meer,
 Ons hart was al te seer;
 Joubert kan mos nie gaan,
 Kan Engels nie verstaan.
 Ons was toen baing kwaad,
 Mar dit het niks gebaat.
 Die Afrikaanders uit!
 Dis Solmon syn besluit,
 Want hy kan Engels slaan,
 Hy 's een Europeaan.
 Nou wort weer Cole gekies,
 Neef Theunse het verlies.
 Nou wort ons geregeer
 Deur 'n uitlandse meneer.
 Mar kyk nou hier, myn vrinde,
 Nou loop ons net soos blinde.
 Nou moet ons oek maar glo,

Soos Engeland ons blo,
 Engels en Hollands taal
 Blyf altyd ver ons vaal.
 Nou lees ons oek gen krant,
 Die taal is bo ons verstand.
 En nou weet ons oek niks,
 Ons blyf dom nes ou Fiks.
 En daarom is ons bly,
 Ons het ons taal gekry.
 Ons maats sit in die Kaap,
 En hulle sit nie slaap,
 Afrikaanse kourant
 Waai nou deur die land,
 Afrikaans kan ek praat
 So glad as 'n advokaat.
 DIE PATRIOT kan ek goed lees.
 Want dis altyd myn taal gewees.
 Lees nou mar fluksop die kourant
 Want julle het genoeg verstand,
 Dan kan jul alles goed verstaan
 Wat in die Raad daar wort gedaan.
 Die Afrikaners, meer as vyf,
 Sit in die Parlement en skryf
 Al wat daar al dag wort gepraat
 Deur die onnutte Britse Raad.
 Ja nou kom al die dinge kaal
 In onse Afrikaanse taal.
 Nou hoef ons nie meer dom te wees.
 Ons kan ons eije taal nou lees.

En nou, Nêef Lokomotief,
 Set die rym pie asseblief
 In die PATRIOT.
 En nou tot die slot,
 A. H. groet die lede,
 Wens hul almal vrede.
 Een dag rym ek weer,

Nou 's myn tand te seer.
 Weet gy tog gen raad ?
 Soe, myn tand is kwaad !
 Een seg : Lat hom trek !
 Mar ek is nie gek.....
 Ek het nou gedaan,
 Ek dink jul verstaan.
 Ek stuur oek 'n brief,
 Set die asseblief
 In die PATRIOT.
 Dit is nou die slot.

'N ONMENSELIKE DROOM.

SKANDE VERKIES RO'EN REG.

Dat 'n mens in die neëntiende eeuw
 Van beskawing vooruitgang so groot,
 Nog partykeers sulk drome kan droom
 Van barbaarsheit, van onreg en leed.

Dis onmoëntlik 'n tog is dit waar,
 Want met my was 't dieselfde geval,
 Want ek sit eens te peins en ek vond
 My op eenmaal verplaas vër van hier.

Dit was vër, so ek my nie vegis
 An die boorde van die Sambesie
 Of 'n ander woes land in die streek,
 Dat ek my op die oënblik vond.

Ja dit was (o hoe goed weet ek nog)
 Om d' tooneel nog meer tragisch te maak
 Teën die aa'nt en die son die versprei
 Nog soo treurig haar laaste lig rond.

Dit was daar dat ek 'n klompie sien sit,
 Nes God's volk in die daê van ouds
 By die stroom van Babel te huil
 Hull' was treurig, bedroef en gewond.

Mar nie lang het hull' daar so gesit
 Of 'n vreemdling kom nader en vraag
 Medelydend "wat maak julle hier
 En hoe kom so bedroef, seg my tog;

"Lat my hoor julle oorsaak van smart,"
 Seg die vreemdling deelnemend hull' toe,
 "En verhaal an 'n vriend julle leed,
 Hy sal deelneem in al julle nood."

"Ons was seuns van SUID AERIKA's strand
 Ons was kinders van ou'ers so vroom
 En so leef ons gelukkig en vry
 In 'n landstreek gesond en geseen

Ons was vry, mar dit duur nie solang
 Of deur onreg weldadig gepleeg
 Deur die nasie wat o'er ons regeer,
 Was die vryheid ons as slawerny.

Om die oorsaak was ons tog verplig
 En verlaat so ons land en ons goed
 En familie betrekkings daarby,
 Om te worstel met d' woeste barbaar.

O wat moes ons tog deurstaan en ly,
 An die een kant van stamine so wreed
 An die ander kant moes ons ons weer
 Te'en die anval van 'n listige volk.

Mar uiteind'lik na spartel en stry
 Was die vryheid betaal met ons bloed,
 Ja ver altyd, so dag ons tereg,
 Mar helaas! hier was mag meer as reg!

Ons land oër die Vaal was te ryk
 An die kosbaar gesteentes van goud;
 O die vrugbare streek was 'n prooi
 Al te groot ver 'n grypsugtige volk,

O skandaal van die neëntiende eeuw!
 Snode onreg, tirannie, geweld!
 Is 't Brittanges beskawing en roem?
 Om deur steel syn gebied to vergroot?

Sonder oorsaak, vrypostig, brutaal,
 Word ons land ons ontnem met geweld;
 Was die prys van ons bloed en nog meer
 Dan te min ver ons vryheid, geluk?

Daarom swerf ons op nuw sonder land,
 Dis die rede myn vrind van ons smart,
 Want ons kan en ons mag ons nie plaas
 Onder juk van ons vyand gehaat."

Dit was aant en daar sit hulle nog
 As God's volk in die da'e van onds
 Net soo treurig, bedroef 'n gewond,—
 Lat Sambesie hull' wanhoop getuig!

"Mar kom lat ons ons skuil in die woud
 Met die diere"—Soo roep een vol smart
 " Liewers klouwe van panter so woes,
 Dan in hande van 'n gulsige vr.....t."

Ek wort wakker, vergeef my,—'n droom;
 Wat 'n droom? of vergis ek my so?

TRANSVAALSE LIETJE.

An Neef Stoffel Blikoor, Kromelleamboogspuit.

Ou Neef, kom luister tog na myn,
 Ek wil jou wat verhaal;
 Die nuws is net van groot belang
 Omtrent die ou Transvaal.

Transvaal is mar 'n mooi ou land,
 Vol kole en vol goud :
 Gras is daar oek mos net volop,
 En gen gebrek an hout. .

Ons het hier lank gerus geleef,
 Al is die Kaffers kwaai ;
 Ons het ons nooit an hul gesteur,
 Al maak hul' groot lawaai.

Ons laai mar net ons lange roers,
 En skiet die zwartgoed weg,
 Dan is hul' weer ver lange tyd,
 So stil en soet en reg.

Tom Burgers het ons goed regeer ;
 Net mar met te veel spoed
 Het hy die land vooruit wil bring :—
 Syn mening was glo goed.

Tom Burgers wou mos spoorweg maak
 Na Delagoabaai,
 En het daarmee mar angehou,
 Ofskoon Oom Paul afraai.

Oom Paul seg: "Meneer President !
 Ons land die raak bankrot ;
 Ons volk is nog nie oud genoeg
 Ver so 'n dure lot.

Ons Boere ry nog met ons wa,
 En kom daar goed me klaar ;
 Meneer moet tog maar bietjie wag,
 En lat jou haas bedaar."

Tom Burgers seg: "Né, voorwaarts, man!
 Neem met die volke rang !
 Transvaal het goud en grond genoeg !
 Waarom is jy nog bang ?

Oom Paul skut mar syn kop en sug,
 Hy weet dit sal nie duur;
 En hy het mos 'n voorgevoel,
 Hul sal hom moet wegstuur.

Oom Paul het mos 'n goeje kop,
 Al is hy mar 'n boer;
 Nes kat het hy mos lange tyd
 Al uit die boom geloer.

Hy siet Tom Burgers wil 'ver hom
 Mar net 'n groot man maak;
 Mar wat daar wort van ou Transvaal,
 Dit kan hom weinig raak.

Tom Burgers volg mar net syn kop,
 Wat of Oom Paul oek raai;
 En stour hom oek mar net so min
 An Volksraad syn lawaai.

Oom Paul syn woord is uitgekom:
 Bankrot is nou die land;
 Tom Burgers met syn spoorweg is
 Nou albai al van kant.

Ou Slypsteen kom toen mos net hier,
 En seg: "Ek is jul baas!"
 En Burgers is te bang om weer
 Te maak nes op Boomplaas.

Ou Slypsteen het ons land gevat
 Sonder een skoot te skiet;
 Champagne proppe 't mar gespat
 Tot menig eens verdriet.

Oom Paul en Dokter Jorissen
 Is nou na Engeland;
 Mar Carnavon en ou Tant Vic
 Wys hulle van die hand.

Die Engelsman is hier nou baas,
 En ons is mar die volk;
 Mar *sewe honderd vyftig pond*,
 Het dit mos so getolk.

En wat sal ons nou verder maak ?
 Tevrede wees of veg ?
 Ons sal wag tot Oom Paul kom
 En hoor eers wat hy seg.

TER NAGEDAGTENIS VAN KOMMA- DANT LOUW WIPPENAAR.

gesneuwel op Thaba Bosigo, Aug. 1866.

Sal vreemde digters ons verhaal
 Van hulle grote helde,
 En sal ek in myn eije taal
 Louw Wippenaar nie vermelde ?

Né, Broeders Afrikaners, nó !
 Ons dapple blyf ons eige;
 God het ons Wippenaar gege;
 Waarom sou ek dan swyge ?

Lat hul' van Tromp en Nelson roem,
 En sulke grote name;
 As ek mar Wippenaar mag noem,
 Dan sal ek my nie skame.

Hy is bo almal verreweg,
 Wat in die helde ry staat;
 Hul' 't oek hul lewe neergeleg,
 Mar tog nie ver die Vrystaat.

Hy leg op Thaba Bosigo,
 Gen grafsteen sal hy verge,
 Syn monument het God gebou,
 Die Bouheer van die berge.

Al moet ons dan so dikwels bloos,
 Ver onse arme nasie,
 Gedenk an Wippenaar, wees getroos,
 En vat dan weer koerasie.

VADERLANSLIEFDE.

Leef onder almal wat daar woel,
 Eén wat gen vonk van liefde voel?
 Is daar 'n mens met gees so dood,
 Met hart so koud as sware lood?

Ver vaderland
 Gen liefdeland!

Die man is koud, die man is dood!

Hij is gen eije land eens wêrt;
 Syn hart is nes 'n bees of pòrt,
 Wat hou van kos en stal en voer,
 En altyd naar die voersak leer.

Hom en syn land
 Verbind gen band

As geld en goed waar hy na leer.

Mar wie syn land opreg bemin,
 Die staat, of hy verloor of win;
 Hy blyf 'n ware Patriot,
 Deur dik en dun, deur smaad en spot.

Syn lewe geef,
 So lank hy leef,

Ver Vaderland elk Patriot.

Hy is syn land en volk tot eer;
 En mog elkeen van hom tog leer:
 Syn land te min en hoog te ag;
 Want al wort hy nou oek belag,

Hy doet syn plig,
 In elk opsig,

Ea eenmaal wort syn naam geag.

En op syn graf wordt dit geskryf:
 "Hier leg 'n man, non koud en styf.
 Hy het syn land en moedertaal,
 Met smaad en goed en bloed betaal:
 Dis duur genoeg;
 Hy stierf te vroeg,
 Og kon ons hom terug gaan haal"
 Mar van 'n sot wort dit geseg:
 "Hy is nou dood; set hom mar weg!
 Syn vaderland was hy nie waard!
 Delg mar syn naam uit van die aard!
 Hy leef te lank,
 Wat met ondank,
 Mar net syn voordeel seek op aard."

AFRIKAANSE VOLKSLIED.

(Byvoegsel tot "Het Misdadig Engeland".)

Wysie van: "*Wy leven vry, wy leven bly.*"

Jan Boel het die Transvaal gejomp;
 Ons raak dit nou gewend.

As hy iets neem kan sonder straf,
 Neem hy een anders goed mar af;
 Die vent is mar so lomp.

Daar kom 'n tyd, o ja, o ja,
 Die tyd is nie meer ver;
 Daar kom ver ons dan oek 'n dag,
 Dan waai die Afrikaanse vlag,
 O'er heel Suid Afrika.

Amerika is nou al vry,—
 Hul' was eers oek verdruk;
 Hul het Jan Boel toen weggeja,
 En vry is nou Amerika,
 Hul is nou vry en bly.

Eers het Jan Boel hom só gedra,
 Die Boere moes toen trek.
 Hul neem Natal en die Transvaal,
 Verjaag die Kaffers heeltemaal,—
 Die pes van Afrika.

Die Roere trek o'er Grootrivier,
 Waar nou die Vrystaat is.
 Jan Boel neem hul die land weor af;
 Mar kyk op Boomplaas na die graf.
 Van menig officier.

Toen skryf 'n lunsriem Londen toe:
 "Dis net 'n wildernis.
 Wat met die Kaffers angevang?
 Ons is ver hulle regte bang;
 Ons is die land al moe." (*)

Die Boer regeer die land toen goed,
 Die land wort regte ryk.
 Daar wort 'n diamand gevind:
 Jan Boel die is daar weer geswind,
 "Jou klippies of jou bloed!"

Natal was al deur hom gopak,
 Net soos nou die Transvaal;
 Daar was 'n hawe in Natal,
 Jan Boel was bang toen ver syn val,
 En skade ver syn sak.

Die Vrystaat staan alleen nog vry,
 En alles gaat hier goed.
 Ja, werklik goed is ons bestuur;
 En mog ons vryheid lank nog duur,
 Die lunsriem bly op sy!

(*) Geskiedenis van ons Land, bl. 200 en 220.

Nou, Afrikaners, allemaal,
 Let op wat ek jul seg:
 Kyk na die A. i. e. r. k. a. a. n. s. e. l. a. n. d.
 En stig een eije Stateband:
 En praat jou moedertaal.

Ons tyd die kom oek zeker, ja,
 Die tyd is nie meer vër,
 Dan kom daar oek ver ons 'n dag,
 Dan waa die Afrikaanse vlag.
 VEREENIGD AFRIKA!

LIED VAN DIE VOORTREKKERS.

Wys van Ps. 130.

Dingaan is nou gesneuwel,
 Dis om syn tiranny;
 Tamboesa en oek Slela,
 Om hul' verrajery;
 En Ponda is gekome,
 Hy het gevraag om vrede;
 Ons het dit sonder skrome,
 Blymoedig hom gege.

Ons arme Afrikaner,
 Wat hier in Natal woon,
 Hoe wort tog onse trane,
 Met goedheid weer bekroon!
 o God! Gy skenk ons vrede,
 U segen oek daarby,
 En uwe hulpe mede;
 Ja, Gy syt an ons sy!

Ons ken oek onse skulde,
 Voor U, o Opperheer!
 Ons leg voor U ons hulde,
 As onse offer neer.

o Heer, hoor tog ons bede:
 Vergeef ons alle kwaad!
 Dan sal ons steeds in vrede,
 U loven vroeg en laat.

Mar sie ons vyand komie,
 Deur afguns angespoor;
 Ons land wort ons ontnome;
 Ons vrede weer verstoor.
 Hul span al hul vermo'e,
 En druk ons uit die land;
 Al siet hul voor hul o'e,
 Ons is hier ingeplant.

o God, wil ons behoede!
 En sent verlossing neer!
 Dat nooit in overmoede,
 Ons trotsé vyand weer,
 Mag trag om op ons hiele,
 'Te trede met syn voet;
 Mar in die stof nog kniele,
 By d' sien van wat Gy doet.

Op! Dappre Afrikane!
 Kom, vat nou hand an hand!
 Al moet hier weer veel trane,
 Gestort worr' ver ons land.
 Ons moes dit duur verwerwe,
 Ons kog dit met ons bloed;
 Ons wil daar oek voor sterwe;
 Kom, veg met leuwmoe!

Barmhartig God en Vader!
 Bestuurder, altoos goed!
 Ons kom nou tot U nader,
 En val voor U te voet.

Wil onse vyand breidlen,
 En red ons uit syn hand;
 Wil tog syn raad verydlen,
 En skenk ons onderstand!

Moet ons die reg dan myde,
 Wat ons het op die land?
 Moet ons die onreg lyde?
 Het Dingaen met syn hand,
 Nie self dit onderteken.
 En op hom toegepas?
 Hoe moet ons dit nou reken?
 Of dit nie syne was?

Die reg dryf eindlik bowe,
 Hoe lang dit duren mag;
 Al wil gen mens gelowe,
 Hul' siet dit tog een dag.
 Ja, God sal dit nog tone,
 Dat Natal ons behoort,—
 Die vyand eens belone,
 Verdrywe uit deus oord.

Ons hoop oek nie op mense,
 Dat die ons helpe moet;
 Oek op gen ho'e prinse,
 Want dit doet ons gen goed.
 Ons roep mar tot die Here,
 Die al ons sugte hoort,
 Die wind en storm en mere,
 Lat luister na syn woord.

Hy sal ons redding skenke,
 Met syne sterke hand;
 Hy sal an ons gedenke;
 Hy geef gewis ons land.

Want Gy, o Heer, is meerder,
Dan alle volk te saam,
Daarom sal ons te eerder,
Steeds lowe uwe naam!

Hoop op die Heer, jul' vrome!
Is Afrika in nood,
Daar sal verlossing kome;
Syn goëdheid is seer groot.
Hy maak op ons gebede
Heel Afrika eens vry
Van hul,, die ons vertrede,
Dan leef ons vry en bly!

II.

VER MOEDERTAAL.

DIE AFIKAANSE TAAL.

Gen Hollans, Duits, of Frans,
Gen Engels, of Javaans,
Gen Kaffers, of boesmans,
Al goi jy almal in die skaal,
Ver ons kan hulle nooit ophaal
Die ware Afrikaanse Taal.

Ofskoon ons taal hier blyf,
En idereen dit skryf,
Net na die wind hom dryf ;
Die Afrikaans blyf daarom reg :
Wat regtig goed is wort nie sleg,
Al trap jy hom, of goi hom weg.

Ofskoon gen een dit leer,
Mar ongepermitteer
Verfoes, verknoei, onteer ;
Ons Moedertaal blyf daarom goed :
Ons taal sit in ons murg en bloed,
En groei nog op in te'enspoed.

En twyfel jy hieran ?
Myn liewe goeie man,
Vat jy die boek dan an !
Ek wed as jy ons spraakkuns leer,
Dat jy gen taal so hoog sal eer,
Nou kom, seg: Tor! man ; en perbeer.

AFRIKAANSE LIETJIE.

Oom Lokomotief!
 Jy is myn so lief.
 Hou jy tog mar styf,
 Al kom daar gekyf.
 Jy sal dit wel maak,
 Hou vas mar jou saak,
 Ek is met jou een,
 Ek seg wat ek meen.

Set Engels op sy,
 Ons taal sal jy kry.
 Werk Hollans mar uit,
 Stuur weg met die skuit!
 Ja, stuur hom mar weg
 Na Holland—dis reg,
 Ja, stuur hom na huis!
 Hier hoor hy nie tuis.

Oom Lokomotief.
 Ek het jou so lief!
 Jy praat nes een man,
 En daar hou ek van.
 Bid God mar om krag!
 Lat mense mar lag!
 Hou vas mar jou saak;
 Werk fluks an jou taak!
 Dit sal ook wel gaan;
 Maak oop mar die baan!
 Die wereld mag raas,
 Een dag is jy baas;
 Die wereld mag woel,
 Sit stil op jou stoel!

Oom Lokomotief!
 Seg tog asseblief:

“ O Regter ! kom by,
 En staat an ons sy,
 En gé ons ons taal,
 Tot binnen jou saal !
 O Regter, jy's baas,
 Mar wees tog nie dwaas !
 Ons taal ! Gé ons taal !
 Dit het ons bepaal.
 Ja, daar blyf ons by,
 Tot ons dit verkry.
 Wees, Regter, nie sleg !
 En gé ons ons reg !
 Afrikaans wil ons hê,
 Dit het ons gesê.
 O Regter, staat op,
 En hoor ons geklop !
 Ons taal vraag ons maar,
 En dan het ons klaar.

Afrikaners ! kom aan !
 Ver ons taal moet ons staan.
 Kom, vriende, staat by !
 Staat vas an ons sy !
 Die tyd is gekom,
 Maak reg wat is krom !
 Die Hollans moet weg,
 Afrikaans is eers reg.
 Ons land het syn taal,
 Van Kaap tot Transvaal.
 Die Hollans moet uit,
 Dit is ons besluit.
 Die Engels is goed
 Om Regters te groet.

Afrikaans is vol gees,
 Om gladweg te lees,
 Afrikaans is so plat,

Dat ons dit kan vat,
 Afrikaans is net lig
 Om lietjies te dig.
 Afrikaans is oek mooi
 Om woorde te gooi.
 Kom, vrinde, kom by!
 Gooi Hollans op sy!
 Lat Engels mar bly!
 Ons taal moet ons kry.
 Ons taal is dit wêrd,
 Saal op mar jou pêrd.
 Kom agter ons aan;
 Laat Hollans mar staan;
 Hy's amper gedaan.
 Vat, Holland, jou taal!
 Dit het ons bepaal.
 Die Engels kan bly;
 Mar hou hom opsy!
 Afrikaander, kom aan;
 Jou taal kan jy slaan;
 Van Duits is myn bloed,
 Maar hier is myn goed;
 Hier is ek gebore,
 Afrikaans wil ek hore.

Myn lietjie is uit,
 Nou sal ek mar sluit.
 Myn lietjie is klaar,
 Die braai-bout is gaar,
 Nou gaat ek mar eet,
 Die kos is gereed.
 Nou het ek gedaan,
 Dit sal nou wel gaan.
 Ek sal nou mar stop,
 Myn vroutjie, skep op!
 Dag Lokomotief!
 Jou werk het ek lief.

En groet uit myn naam
Jou maters ook saam !

Albertus is myn naam,
Ek werk nou oek saam,
Herholdt is myn van,
Ek dig so's ek kan.

ANTWOORD.

Die lied is gedruk
Ons wens oom geluk !
Dit's nou bekend,
Oom is ons agent.
Oom kan mar weer stuur,
Ons goi nie in vuur.
Druk op nes een man,
En stuur wat jy kan,
Ons is regte bly,
Om liedjies te kry.
Maskie is dit sleg,
Ons maak dit mos reg.
Oom het genoeg gees,
Om digter te wees.
Oom kan regte mooi,
Ons moedertaal gooi.
Oom moet ver ons werk,
So fluks as een klerk.
Laat mense mar spot,
Met ons *Patriot*.
Oom kan daarop reken,
Nog baing sal teken.
Stuur Oom oek mar name,
Die *Pittjies* oek same.
Ons sal dit verwag;
Oom ken mos die slag.

Ons werk met geweld;
 Dit kos hope geld.
 Oom sal dit wel weet,
 Dat 'n mens dan kan sweet.
 Og, ja, liwe oom!
 Hul dryf myn met stoom.
 En wat ek oek praat,
 Dit wil mar nie baat.
 En hoe ek oek raas,
 Of wat ek oek blaas,
 Hul druk myn mar op,
 O'er ore en kop.
 Ek is die vuurwa'e,
 Oom kan dit mar vra'e.
 Ek woon in die straat,
 Waar die rytuige staat.
 Kom oom ooit na Kaap,
 Kom dan by myn slaap.
 Ek sal jou verwag,
 Nou oom, goeyen dag;
 Oom weet nou jou les,
 En ken myn adres;
 Skryf gou weer 'n brief
 An LOKOMOTIEF.

RASENDE AFGODERY.

Afrikanse Trippelmaat.

Ons leef in die dare van taalraserny,
 En daarvan kom Afrika oek nie meer vry,
 Mar van die elend het dit bitter te ly,
 Hoor hier die geskré van die Engelse Jekke:
 Hul seg, hulle taal moet die wêreld o'erdekke;
 Ver Engels moet all' ander tale mar trekke,
 En waar hul die mag het, moet Engels die baas,

Die landstaal kryg daadlik die agterste plaas,
 En dood moet hy gaan by die Engels geraas;
 En wie hom nog ophou, die is nes 'n stomme,
 Hy mag in gen raad of bediening meer komme,
 Een vreemdeling is hy in syn erfei'endomme.
 Die Engelse taal wort as afgod vereer,
 Die reg wort vertrap waar die afgod regeer,
 Maar eens sal syn end kom, WANT GOD BLYF DIE
 [HEER!

OPROEPING.

Kom, Afrikaners, van al kant!
 Die Heer staat an ons regterhand!
 Kom, kom, lat ons nou voorwaarts gaan,
 Al staan die nasies teun ons aan.

Kom, stry ver Nasie, Taal en Land!
 O lat ons hart van blydschap brand!
 Kom, swakke knieje opgerig!
 Verborge dinge wort nou lig.

Kom, Afrikaners, staat op nou!
 Wat op die ware Rotssteen bou,
 Wat glo in die Versoeningsdood,
 Die roep ons op ver strydenoot.

Wat Patriot is, op en kom!
 Sit nou nie langer doof en stom!
 Wees nou mar vrolik en verblyd,
 Al raas die vyande van spyt.

Ons Moedertaal die moet ons kry,
 Want God die Heer staat an ons sy;
 Hy het ver ons die taal gegé,
 Kom, Patriotte, werk nou mé!

Kom, Patriotte, wees verblyd!
 Ons werk wort deur gebed gewyd.
 Voorstanders van die Patriot,
 Ek gó julle in die hand van God.

Set nou myn naam gerus mar neer!
 Een Patriot het julle meer.
 Op myn kan julle seker bou,
 Om vas te staan en woord te hou.

SKOOL LIETJIE.

Oompie, oompie, dis darom waar,
 Sonder ons taal kom ons nie klaar;
 Ons taal die moet nou o'eral wees,
 Ons wil ons eie taal nou lees.

Tannie, tannie, dis darom waar,
 Sonder ons taal kom ons nie klaar;
 Die Engelse kan ons taal mar haat,
 Ons wil ons eie taal nou praat.

Neeffie, neeffie, dis darom waar,
 Sonder ons taal kom ons nie klaar;
 Ons sal ons eie taal nou kry,
 Want Lokomotief lat vinnig ry.

Niggie, niggie, dis darom waar,
 Sonder ons taal kom ons nie klaar;
 Dalk is ons taal die heel land deur,
 Elk een moet dan ons taal goedkeur.

ONS IS SO BLY.

Ons is so bly, ons is so bly,
 Ons sal ons eie taal nou kry;
 Ons lees al new ons praat.

Ons hoor partykeer nou al sê
 “Ons laat die Engels nou mar lê,
 Wat sal dit ons nog baat.”

Ons is mos in die Onderveld
 Nie in gele'entheid gesteld
 Ons kinders lank te leer.
 Daarom is ons so reg reg bly,
 Dat ons ons eie taal sal kry :
 Meer kan ons nie begeer.

DIE AFRIKAANSE TAAL.

DIE AFRIKAANSE PATRIOT,
 Waarmé nog bajang mense spot,
 Sal eenmaal nog baas worre ;
 Lat hulle spot, lat hulle lag,
 Ons beurt kom seker oek een dag,
 Van dag nie dan tog morro.

Nou rym ons lekker, want nou kan
 Geen Hollander of Engelsman
 Ons met syn taal vermaak nie ;
 Ons Afrikaans klink net so mooi,
 Lat hulle mar met woorde gooi,
 Hull' sal ons tog nie raak nie.

Want Hollans of oek watter taal
 Hull' oek ons andag by bepaal,
 Ons sal daarna nie hoor nie ;
 Ons Afrikaans die bly mar baas,
 Lat hulle spot, lat hulle raas,
 Hull' kom ons net nooit voor nie.

Nou seg ons in ons eye taal
 Die ding ver hulle net so kaal,

Dat hulle niks kan praat nie;
 Ons Afrikaans is meer bekwaam
 Daartoe as al hull' tale saam,
 Wat ver ons tog niks baat nie.

Gé mar die vuurwa vinnig stoom,
 Dan hardloop hy dwars deur die stroom,
 Al staat hull' nog so dik, ja;
 Lat net die vuurwa eenslag skré,
 En al wat voor is sal pat gé,
 Die ding lat 'n mens mos skrik, a!

Nou Afrikaners, hou mar styf,
 Ons taal kryg hy die dag meer lyf.
 Kom, staat mar algar same,
 En werk verenig hand an hand
 Ver Moedertaal en Vaderland,
 Ons hoop sal nie beskaane.

O N S S K O O L.

(Om Afrikaners te leer.)

Ons gaat nou perbeer,
 Om óns taal te leer,
 Pak an dan met moed!
 Dat ons dit kan lees,
 En skrywers kan wees,
 Is dit nou nie goed?

Lat ons dit nou weet,
 En nooit weer vergeet,
 Ons saak is wel goed;
 Mar as ons verkeert
 Ons wysheid vereert—
 Dan kryg ons gen spoed.

Geef Godo die eer;
 Dan sal Ily ons leer.

Hy is tog ons Hoof!
 Dan word oek Syn krag,
 In swakheid volbrag,
 Dit het Hy belooft.

Op Hom dan gehoop,
 En moedig geloop;
 Hy gaat voor ons uit.
 Wie te'en ons is,
 Hy 's meerder gewis;
 Waarom dan gestuit?

Op Hom dan gewag—
 Gebede om krag,
 Hy hoor ons gebed.
 Slegs Hy kan in nood
 Gevare en dood,
 Ons help en ons red.

Nou, vriende, met vlyt,
 Ons krag en ons tyd
 Gebruik ver ons taak.
 Geef Gode die eer,
 En wag op die Heer
 Die alles reg maak.

VER MOEDERTAAL.

Hou vol, ons liwe PATRIOT!
 Jy is ons tot 'n groot genot.
 Al wort jy somtyds nog verag,
 Dis niks, jy kryg 'n beter dag.

Die dag as land en volk te saam
 Jou uitroep as hul eie naam,
 En Engels wort die nek gebreek;
 Dan kan jy vry jou vlag opsteek.

Want dan het jy dit so gemaak
 Dat al die wette ope raak;
 Dan kan die boer dit self mos lees,
 En hoef nie ver 'n Juts te vrees.

En hulle kan dan self gaan staan
 En seg: Wat het ek dan gedaan,
 Dat ek ver jou so bang moet wees?
 Ek het mos self die wet gelees!

Myn saak het ek jou oopgelê,
 En wil oek net nou vonnis hé!
 Jy moet dit net mar gou uitmaak,
 Of jy sal in die boete raak!

Of, daar het ek 'n Hottentot,
 Die dryf met myn gesag die spot;
 En nou klaag hy: die wyn is min;
 Dan weer: die kos nie na syn sin.

Wat maak ek nou met so 'n kring?
 Ek mag hom op kantoer nie bring;
 By Engelsman kryg hy tog reg,
 En ek gaat met die skande weg.

Laat ek jou nou oek nog verhaal
 Hoe ek Agente moet betaal:
 Ver ider brief vyf silings reg,
 En ponde gaat op die wys weg.

Die eerste wort dan so geskryf,
 Dat dit die saak net halfpad dryf;
 Nou moet daar twe, drie, vier nog gaan,
 En ek moet ver die koste staan.

En so loop hulle ver myn om.
 Want ek is in die Engels dom;

En om dan vrede te bewaar,
Betaal ek mar, al is dit swaar.

Dus, Afrikaners, wees nie dwaas!
Myn skepsels! die gen sot geblaas
As ons ons eie taal begeer;
Dit is ons reg, wie sal dit keer?

Kom, Afrikaners, van al kant!
Kom werk nou almal hand an hand!
Dat ons nou onse taal verkry,
En dit sal ons tot segen bly.

III.

OP DIE PATRIOT.

AN SPOTTERS.

Die AFRIKAANSE PATRIOT
Is ongevoelig ver jull' spot,
En sal daar nie om gé nie.
Al wil jull' laster op hom lê,
Gluks sal hy tog die waarheid sê,
Reguit—hy wyk gen tré nie.
Is hy nou eenmal an die gang,
Wom maak hom dan gerus mar bang;
Al wat jull' doet—hy stuit nie.
Al wil jull' hom nou oek verbrand,
Zooit kryg jull' hom weer uit die land,
Wyn spore gaat nooit uit nie.
En dag is al jull' spotters dood.
Patriot oek? Né, dan is hy groot;
Panskou dit wie nog lewe!
Joe, spot mar op so veel jull' kan,
Joe op en staat mar ver jul man;
En d' oordeel sal jull' bewé!
Ons weet, dat onse liewe Heer
Jot dan en ewig bly regcer.

AN DIE "AFRIKAANSE PATRIOT."

Dag, "Afrikaanse Patriot,"
Wat nou wort uitgegewe;

Ek wens jou een gelukkig lot,
En oek een lange lewe,—

Een lewe nuttig ver ons land,
Ver Kerk, en Staat, en Sede,
Die Heere self hou jou in stand,
En ge jou vele lede!

Die hele Vrystaat, en Transvaal,
En al die grensbewoners,
Wort, met die heere van Natal,
Jou lesers en beloners!

Jy smoor een Federasie-koord,
Met liefde ryk bepoëld,
En bind daarin, van oord tot oord,
Ons Afrikaanse wêreld.

Jy maak ons tot een eie volk
Deur onse taal te kweke,
Waarmê ons sonder enig tolk
Ons hart vry, nit kan spreke.

Dio la's klasse van ons land
Gê jy oek wat te lese;
Jy skryf mos net na hul verstand,
Ek denk so moet dit wese.

Vlieg mar die land deur, Patriot!
Nog baang sal inteken,
Oek waar jy nou nog wort losjot,
Wort jy eens hoog gereken.

Die ho'e kêrels van die staat,
Wat o'er ons land regere,
Perbeer oek om jou taal te praat,
En Afrikaans te lere.

Op die manier kom eens die dag
 Dat, Afrika, jou sone,
 Verenigd onder ééne vlag,
 Hier frank en vry sal wono.

Dan het ons eers ons eie land,
 Ons eie taal en nasie;
 Ons eie wette kom tot stand,
 Ver die Konfederasie.

Jy seg, jou doel is om te stry
 Ver nasie, taal, en regte;
 Ons Afrikaners is nou bly,
 Ons sal oek same vegte.

Jy het ver jou een goeje saak,
 Wat jy nou gaat verdedig,
 Die Afrikaan syn moederspraak,
 Wat lanktyd was beledig.

Jy weet die Afrikaan syn bloed
 Die raak nou weer an bruise,
 En bars al nes een watervloed
 Deur oopgebreekte sluise.

Ons reken, "Patriot," op jou
 Dat jy ver ons sal staan, ja;
 En jy kan oek op ons vertrou
 Om in die stryd te gaan, ja.

Jy moet oek na die Raad op'tet
 As hulle by makuar kom,
 Want hulle maak daar wet op wet
 Waarsonder ons kan klaar kom.

Loer stiltjies oek in die kantoor
 Waar die lands geld bowaar wort,
 En laat ons oek iets daarvan hoor
 Eer die kas weer onklaar wort.

Jy moet oek na die skole kyk;
 Al sal dit een geraas wees,
 Hollans en Engels staan gelyk,
 Maar Afrikaans moet baas wees.

Vaarwel dan op jou nuwe baan!
 Jy geef ons veel to hope;
 Ek sien ons dag breek helder aan,
 Ou Afrika sal nou opstaan;
 Die toekoms gaat al ope!

K L A A S G E S W I N T.

Ou Klaas woon in die Onderveld,
 Hy het gen vrou of kind;
 Maar waar hy kom hy is getelt,
 En is 'n iders vrint.

Hy is nou oek 'n vrintje van
 Die brawe *Patriot*,
 Wat nou 'n ieder lese kan,
 Al wort hy soms bespot.

Die *Patriot* is nou mar klein,
 Syn stukkies bajang kort,
 Mar wag mar, dit sal beter syn
 Wanneer hy ou'er wort.

Ou Klaas wil jul nou duidlik maak
 Die nut van die koerant,
 Wat nou is in die gang geraak
 In onse vaderland.

Ons het gehoor, oek veel geloes,
 Omtrent ons voorgeslag,
 Hoc dat hul was getrou gewees
 An godsdiens dag en nag.

Die storie is al lank vergaan,
 En ons hoor nou nie meer,
 Wat ons voorou'ers het godaan
 Om afgodsdienste te keer.

Daar kryg ons nou die *Patriot*,
 Hy bring die nuws ver my,
 Hoe hul vervolg was, en hul lot,
 Hoe swaar hul het moet ly.

Mar God die in die hemel woon,
 Het deur syn sterke hand,
 Hul o'er gebring van spot en hoon,
 Hier in die vreemde land.

Hul het mar arm hierheen gekom,
 Glad sonder geld of kos,
 Hul steun op God, alleen op Hom,
 Hy het hul oek verlos.

En sal ons nou hul taal bespot,
 En dit geheel verag?
 Né, ons sal, met die hulp van God,
 Weer daaran bou met krag.

Nou, *Patriot*, ver eers genog,
 Ek moet myn lied mar sluit;
 Ek sal weer, as ek lewe mog,
 Laat hore myn geluit.

Ek wens jou voorspoet en geluk,
 'n Lewe, goed en lang;
 En hou, al wort jy oek verdrak
 Jou plan mar an die gang.

DIE PATRIOT 'N KOURANT.

Die AFRIKAANSE PATRIOT
 Kryg ider dag 'n beter lot,—

Het weer 'n stap voornit gekom ;
 Nou wort die te'enstanders stom.

In die begin was hy mar klein,
 Mar daarom groot genoeg ver myn,
 En was voorspoedig op syn weg,
 Deur dik en dun, deur goed en sleg.

Een boekie was dit in begin,
 Na elken Afrikaan syn sin ;
 Mar nou is hy al een kourant,
 En vlieg al weke deur die land.

Intekenaars wort aldag meer,
 Want baing het daardeur geleer
 Van dinge lange tyd gesmoord,
 Soos *Huygenote* en so voort.

Hoe baing keer het ek gesmag,
 Om iets daarvan te hoor een dag,
 Nou lees ons dit mos in ons blad,
 Myn skepsels! dis een grote skat ;

Nou weet ek tog een bietjie meer,
 Dit het ek uit die blad geleer ;
 En hoop dat daar nog meer sal wees,
 Want ek sal nou net vlytig lees.

En so lang ek nog wort gespaar,
 Maak ek oek stukke by makkaar ;
 Elk stuur mar stukke, na syn stand,
 Van Kaapstad tot in Kafferland !

Nou, PATRIOT, goed opgedruk !
 Hier 'et jy oek van myn een stuk ;
 Ek sal so gou ek kan weer stuur ;
 Nou, stoker, stook mar fluks die vuur !

En laat die Voorwa vinnig weel.
 Dan druk jy gou 'n hete boel;
 Die tyd het dit tog al geleer,
 Intekenaars wort al dag meer.

Nou dan, plisierig op jou baan!
 Dit sal nog altyd beter gaan;
 En wees mar altyd welgemoed;
 Begin was goed, dan end ook goed.

1878

Die AFRIKAANSE PATRIOT begin syn derde jaar.
 In Kaapland, Vrystaat en Transvaal, daar roer
 hy menig snaar,
 En doet die Afrikaanse hart van vriend en broe-
 der goed.
 An elke regte Afrikaan bring hy syn Nuw-
 jaarsgroet.
 Fris gaat hy vort en steur hom nie an hoon en
 skimp en smaad,
 Reg vraag hy en niks anders nie, daarom wort
 hy gehaat.
 Is 't mo'entlik dat daar mense is wat hom nog
 hate kan?
 Klop elke Afrikaan syn hart nie as één enig
 man,
 As hy die deug van voorgedlag en vrome va-
 ders roem;
 As hy ver reg en waarheid staat, en eereg nie
 verbleem?
 Né, Afrikaners, seg dit mar; moe tog nie lan-
 ger stry!
 Seg renduit: "Dis ons Moedertaal!" Erken
 dit, en wees bly.
 En nie alleen ver Moedertaal, mar ook ver Volk
 en Land

Pleit hy, en roep ons almal toe: "Kom, Broe-
 ders, hand an hand;
 As kinders van ons voorgeslag, ons brawe va-
 ders waard,
 Toon dat jul Afrikaners is, en nog nie so
 ontaard!
 Rem nou niet langer, blyf nie staan! Kom,
 Broeders, bid en werk!
 Is God dan onse hulp nie meer; maak eendrag
 nie meer sterk?
 O ja, ons dag breek heerlik an; hy kom, o ja,
 o ja!
 Treed moedig toe, werk almal saam ver heil
 van Afrika!"

VI.

VERTELLINGS.

MOEILIKHEID OM LIEDJES TE MAAK OP 'N BOERPLAAS.

Kom, vroutjie, steek nou op die lig!
Die kinders moet stil wees!
Pa wil nou oek een liedjie dig—
In d' *Patriot* dit lees.

Mar waarom blaf die hond nou weer?
Piet, kyk jy wat dit is!—
Myn kop is van die raas al seer—
“Pa, dis een kar met vis.

“Die jong vraag of hy uit kan span
En of hy voer kan kry.”
Ja, ja,—toe trek die deur mar an!
Seg Ewa moet stil bly!

Daar had ek net die rymwoord klaar—
Maar nou is ek dit kwyt,
Ja, liedjies maak is baiang swaar...,
Hoor daar nou weer so'n meid!

Mar, Ewa, stil tog! Hou jou mond!
Hoekom moet jy so skré?
“Ou seur, dis die verbrande hond;
Hy blaf mos ver die vé!”

Né, di's onmo'entlik om te hou !

Wie kan dan so sit dink ?

Tok, tok... Wie is daar nou weer, vrou?—

“ Kan Jan syn dop kom skink ? ”

Og ja, myn hartjie, basta pla !

Toe, geef hom mar syn wyn ! .

Wag, daar kom weer een kleintjie kla :

“ Pa, Willie knyp ver myn. ”

Mar, kinders, as ek op moet staan,

Dan kry jul almal seer ! .

Dis moeilik om so vort te gaan—

Kom, nog een slag perbeer.

Hoor daar nou weer, hoe raas so'n kloug !

“ Ou Baas, die kraal is oop ! ”

Baas Pieter is daar by die jong ;

Die vé bet uitgeloo !

“ Hul 's almal in die land, ou Baas ! ”

Hoe kom die vé dan uit ? ...

So gaat dit op een Boereplaas ;

Ek moet myn lied mar sluit...

SO'N KLEIN STANTJIE.

Neef Lokomotief !

Hier is een brief

Van Jan wat versies maak.

Is dit wat sleg,

Maak jy tog reg,

Dan skryf ek dat dit kraak.

Die ander dag

Het ek gedag

Ver Pieter van oom Klaas ;

Die domme aap
 Wat altyd gaap,
 Het mos met myn geraas!

Raai waarom tog?
 Hy het gespog
 Dat hy kan Engels praat!
 En ek het toen
 Myn plig gedoen—
 Geseg hy kan dit laat.

Hy wil toen spot,—
 Die *Patriot*
 Die sleep hy oek daarby;
 Toen seg ek: "Sot!
 Die *Patriot*
 Sal langer leef as jy!"

Toen wort hy kwaad;
 Dit was op straat;
 Die mense het staan kyk.
 Ek seg ver hom:
 "Wees nie so dom!
 Want ek het mos gelyk.

"Ons taal is goed
 Om mé te groet,
 Hoekom seg jy '*Koet baai*!'
 Wil jy dan spog,
 Jou kleine bog?"
 Hy seg: "Loop na jou maai!",

Ek wort toen warm;
 Ek vat syn arm;
 Toen wort hy baing kwaad.
 Ek denk toen: Neen,
 Ek gaat mar heen;
 Dis middel op die straat.

Mar by die huis
 Het dit gesuis;
 Daar het ek hom gekap,—
 Ek sal hom leer!
 Ons kan nie meer
 Ons taal so laat vertrap

HENDRIK EN MARIA.

EERSTE PART.

By Modderrivier syn breje stroom
 Dwaal eens 'n jonkman rond;
 Vêr van syn ouers, vrind, en huis,
 Dwaal hy op vreemde grond.

Daar onder een Treurwilgerboom
 Goi hy syn lyf oek neer,
 Om uit te rus, want hy was moeg;
 Te slaap wou hy perbeer.

Meteen lig hy syn kop weer op,
 En wat moet hy daar sien?
 Een ent van daar 'n klein pondok;
 Hy sal hom daar andien.

Hy spring toen op; hoe bly was hy
 Om by een huis te kom;
 Al was dit mar 'n ou pondok,
 Daar geef hy nou nie om.

Fluks klop hy an die kleine deur,
 Mar niemand maak dit oop;
 Hy klop nog eens, daar kom een an,
 Hy 't nie verniet geloop.

“Goei morre, Neef, ag help myn tog,
 Ek is net baing verlé.”

“'k Verkoop hier niks as brandewyn,
 Dis al wat 'k jou kan gé.”

“Die het ek nou nie nodig nie,
 Ek dank jou wel daarvoor;
 Wat ek wil hê kan jy nie ge.”
 So was dit daarmee o’er.

Een ont van daar siet hy oen wa,
 Net langes die rivier!
 Verlate lyk dit en alleen,
 Gen mens is daar, of dier.

Hy vra toen ver die pondok-man,
 An wie die wa behoort.
 “Dit weet ek nie; gaat self mar kyk.”
 En so gaat hy toen voort.

En anstons kom hy by die wa;
 Verlate staat dit daar:
 Hy siet daar rondom niemand nie;
 Die raaisel moet opklaar!

Hy kyk toen binne in die wa,
 En wat moet hy daar sien?
 Een ou man en syn kind was daar;
 Ja, hul was daar alleen.

Verbaas was onse Hendrik toen,
 Hy het dit nie verwag:
 Die dogter sit, ’n skone maag,
 Die ou leg, sonder krag.

Hy groet, en rig ’n praatje an,
 En vraag oek hoe dit gaan.
 “Met ons mar treurig soos jy siet;
 Mar waar kom neef van daan?”

Hy seg hul toen vanwaar hy kom,
 En wat hy nou daar maak.
 “Mar hoekom jul’ so hier alleen?
 En wat is julle spak?”

Ons staat al reeds een lang tyd hier ;
 Ons osse 't weggeloop ;
 En pa is siek, ja baing siek ;
 Hy lyk myn buiten hoop."

Sy hail—wie sou dit kwalik neem ?
 "Ag, help ons, gé tog raad !"
 Hy sug—wie sou nie same sug ?
 "Ek sal jul nie verlaat !"

TWEDE PART.

Allenig sit hul' by die vuur,
 En sit nog laat en praat ;
 Die ouwe vader slaap so stil ;
 Hul' weet nie dis so laat.

Ja, toen vertel hul ver makear
 Hul' hele lewenslot ;
 Wat smart hul ondervonde het,
 En oek die hulp van God.

En toen sy hom haar leed vertel,
 Een straal skiet deur syn hart ;
 Hy voel toen dat een vreemde mag
 Hom antrok tot haar smart.

Ja, nou moet hy die waarheid hoor,
 Hy was haar goed bekend ;
 Een pyl gaat deur syn hart en siel,
 Dit was hy nooit gewend.

Hy vraag haar sag : "Maria, seg
 Het jy myn waarlik lief ?"
 Sy bloos : hy neem haar om haar nek,
 En seg : "Ek het jou lief."

O wie beskryf die ernstig uur,
 Wat hul' twe daar deurleef,

Two siele daar met God alleen...

O, wat hul' daarheen dreef?

"Maria lief, ag seg myn tog,

Wil jy myn smart genees?

Wil jy met myn, an myne sy,

Myn hulp ver altyd wees?"

Ontsteld kyk sy mar voor haar neer,

Berkaamd en ademloos;

Sy weet nie of sy waak of droom;

Sy aug mar en sy bloos.

Sy val toen in syn arme neer,

Sy beefde nes een blaar;

Hy rig haar op. en hou haar vas,

En is dit waarlik waar?...

En is dit waar; wat hoor hy nou?

Sy andwoord, ja sy seg:

"Ag, Hendrik, ek is dit nie wêrd;

Ek is ver jou te sleg."

"Mar nogmaals seg ek jou, myn hart,

Jy is myn deel op aard;

Gen mag sal ons two ooit kan skei,

Wat ons oek wedervaart."

DERDE PART.

Een tyd daarna was hul te sien

Langs diepe Modderrivier;

Een bruid was sy, mar in die rou,

Haar pa was nie meer hier.

Hy was nou dood, kort van te voor,

Nou is Maria vry;

Getrou het sy hom opgepas,

Sy het haar loon gekry.

Hoe wonderlik is tog ons lot!
 Hoe diep, hoe wys, en hoog!
 Wat God beskik, en ons nie weet,
 Dit siet, dit werk syn oog.

Hy lei ons langs Syn eie weg,
 Hoe donker dit oek lyk,
 Die einde maak dit alles reg
 Dit het oek hier geblyk.

HELENA EN EDUARD.

Een Ballade in twee parte.

EERSTE PART.

Die jonkmans van die Boweland
 Is algemeen beroem;
 Die onderveld syn noitjes lag
 As jy hul naam mar noem.

Mar seker was daar nooit nog een
 So fluks as Eduard;
 Hy was opreg en trou van siel,
 En nederig van hart.

Helena, blank nes melk en bloed,
 So lief en sag van aard,
 Die was een man as Eduard
 In ider opsig waard.

Hul was omtrent een jaar verloof,
 En sal nou spoedig trou;
 Soos hy terugkom van syn tog.
 Dan wort hul man en vrouw.

Dit was die laaste dag van Maart,
 En morre sal hy trek;
 Hy sit nog tot die hoenders kraai,
 Toen vat hy om haar nek

En seg': "Myn kind, die tyd is om!
 Die skeidingsuur is daar!
 Mar ek vertrou ons liwe Heer
 Breng ons weer by inakaar!"
 Die traantjies rol toen o'er haar wang;
 Haar Eduard gaat weg;
 Sy snik: "Myn hart, kom tog gou weer,
 So as jy het geseg!"
 Die wa'ens staat al voor die deur;
 Die pêrde graaf die grond;
 Die jong sit op die bok en wag;
 Die daglig skyn al rond.
 En Eduard, hy ruk hom los,—
 Eén spring—hy 's op die wa—
 Rol af die sweup—waai eenslag o'er—
 En laat die pêrde ja.
 Daar trek die brawe jonkman nou!
 Mar wanneer kom hy weer?.....
 Ag, wat een mens oek doet of wens,
 Syn lot beskik die Heer!—
 Vêr o'er Groot en Vaalrivier
 Swerf hy een lank tyd om;
 Syn Lenie sug gedurig mar:
 Wanneer sal Hy tog kom!
 Op laas kryg sy gen tyding meer;
 Sy wag, mar kryg gen brief.
 Sy sug en poins: Dalk is hy dood!
 Of het een ander lief!

TWEDE PART.

Wie sit daar nog so laat alleen
 By die fontein en treur?
 Sy merk nie dat dit donker wort;
 Sy hoor nie wat gebeur.

Een man kom met die paatjie langs,
 En blyf dig by haar staan,—
 Beskou haar eers 'n tydje lank,
 En toen spreek hy haar aan.

“Goei na'ent, Niggie! Wat makeer?
 Hoe lyk jy so bedruk?”
 Sy skrik—spring op—mar kan nie praat;
 So duur dit nog 'n ruk.

“Myn Pa die is daar by die huis;
 Kom saam met myn, Meneer!”
 Sy wou toen daadlik huistoe gaan,
 Mar sug eers nog een keer.

“Mar seg myn wat die skorting is;
 Hoe kom dan so bedroef?”
 “Ag,” seg sy, “nuws van Eduard!
 Dis al wat ek behoef!”

Hy vraag: “Wie is die Eduard?”
 Sy het hom toen vertel:
 Hoe sy al jare het gewag,
 En hoe dit was gestel.

Hy seg: “Ek kom van Kafferland,
 En daar het ek gehoor,
 Dat hy daar lank gevange was,
 En hul hom wou vermoor.

“Mar eindlik het hy 'n kans gekry,
 En so is hy ontyl;—
 Mar ag! wat moes hy toen weer hoor?
 Een droewige gerug.

“Hul seg, syn bruid het hom vergeet;
 Hy hoor sy was ontron:
 Een ander het syn hand gevraag,
 En nou is sy syn vrou.

“En nou—nou swerf hy o’eral rond”...

“Ag Heer!”—so gil sy toen.

“Wat is dit?” vraag hy, “Wat makeer?

Wat kan ek ver jou doen?”

Sy huil en seg: “Dis lastertaal!

Ons liewe Heer die weet,

Ek was an Eduard getrou,

En sal hom nooit vergoet!”

“Goddank!” so roep hy angedaan,

“Ek is jou Eduard!

Myn Lenie! God het ons behoed;”

Hy druk haar an syn hart.

Hoe vrolik stap hul na die huis!

Die ou’ers was verblyd;

Die troudag wort met eens bepaal.

Tog eenmaal kom die tyd.

Die Heer beloon wat op hom wag,

Daar is myn lied mé uit

Dink, lesers, veul an Eduard,

En an syn trouwe bruid.

DIE OU PREDIKANT EN FRITS DIE KOSTER.

Eens was daar een Eerwaarde heer,
Hy was nie al te slim geleer,
En dus gen man van groot verstand,
Syn ambag was een predikant.
Laat slape, was hy goed gewend,
En dit was lank genoeg bekend;
Skoon hy dit met een slimme lis,
Trag weg te steek; mar ieder wis.
Dat die ou lui eerwaarde heer,

Verslaap hom eltyd—keer op keer.
 Eens op een stille Sondag morge,
 Toen elkeen ruste van syn sorge,
 Het hy so onverwags geval,
 In hande van syn klein getal.
 Al lank was eers gelui gekome,
 Maar hy leg nog gerus te drome,
 En nog te rek, en nog te gaap,
 En draai hom om en val in slaap.
 Nie lank of deur die stille plaas,
 Hoor ons die tweede klok weer rias,
 En dag wel an ons ouwe yrint,
 Die laat slaap as een kleire kind.
 Ons slaat daarop gen grote ag,
 Hy was al op het ons gedag.
 Met al die woel en al die raas,
 Ontwaak ons ouwe maat op laas;
 Begryp, dit was nie al te vroeg—
 Net een spring was ver hom genoeg,
 Hom uit syn warme bet te lig,
 Te brenge tot syn Sondags plig.
 “Waar is my klere? vrou, gé kos!
 Van oggent is ek van myn pos.”
 Hy raap en skraap wat hy mar kry,
 En laat syn witte das tuia bly.
 Daar kom syn vrou so ewe nors,
 Met herelik gebraaide wors.
 “Dit het jy van so laat te slaap,”
 So praat die vrou, mar hy sit gaap.
 “Behoorlik kan jy nou nie eet;
 Want dis te laat al en ek weet:
 Die derd’ gelui is net nou daar,
 En dan is jy nog glad nie klaar.”
 “Ag vrou, wees stil, en hou jou bek!
 En praat nie as een mallo gek;
 Te laat kom is mar vrousgespraat.
 En vroeg kom is wat mans verstaat.”

Skaars was die woord reg uit syn mond,
 Daar klink die klok die dorpie rond.
 "A! wat het ek ver joo gesê?"
 So praat die vrou, "so wil ek hê,
 Dat elke man met warne kop,
 En trage lyf so wort gestop."
 Hy spring teen ewe haastig op,
 En 'n het syn sak vol wors gestop.
 Hy skraap syn keil en hol daar weg—
 Syn vrou het hy gen woord geseg;
 Eý loop 'n nouwe stratjie door, —
 'n Hond lat vat en volg syn spoor,
 Om tog die saak eens uit te pluís,
 Of hy dit is, of 'n buurmans huis,
 Die 'n lekker worsnik so versprei —
 ('n Hond lat horn op ruik verlei)
 Die hond, syn neus hoog in die lug,
 Loop om horn rond, heen er terag;
 "Ja," dag die hond, "o ja, ek weet,
 Van oggent sal 'k sosyswors eet!"
 Die hond spring toe en gryp die wors,
 Een ander hond spring voor syn bors;
 Met eens sit hy die pyp op;
 Hy huil en wil die honde klop.
 Die skouspel gaat elk haastig kyk,
 Hall' sien dat hy maar wildig lyk;
 Die hond het syn manel verskeur,
 Syn keil, nog nuut en in syn fleur,
 Die is oek van syn bol ontroof,
 En daarby kom nog, ek geloof,
 Die raut daarvan was halfpad los,
 En hoeveel sal so'n keil nou kos?
 Op laas raak hy die honde kwyf,
 Mar tot ons maat syn grootste spyt,
 Toen hy syn oge om hom slaan,
 Sien hy die honde kom weer aan.
 Hy kan syn eige draai nie kry,

En loop die kerkdeur glad verby ;
 Hy maak syn draai in d' ander kant,
 Niks siet ons waai as stof en sand.
 Die kerkdeur kryg hy tog op laas,
 En loop die in met grote haas.
 Uit asem sit hy op die stoel,
 Dit lyk of hy hom dood gevoel,
 Van al die loop en al die raas,—
 So ewe bleek sit ons ou haas.
 Die koster dag wat goeds to bring,
 Terwyl nou die gemeente sing,
 Klim statig langs die preekstoel op,
 Tot amper bowe in die top,
 Stoot preker an so ewe stil ;
 Want elkeen weet wat koster wil.
 "Voert !" skré die preker uit syn stoel ;
 Mar koster hou hom ewe koel.
 Die preker spring toen driftig op,
 En ga ou Frits 'n goeje skop.
 Met kop omlaag en voet in lug,
 So kom ons koster weer terug.
 Die preker dag and' spel vooraf,
 En hoe hy ver die honde draf ;
 En dat dit was 'n hond so snoep,
 Die hom vervolg had van syn stoep :
 En het dit in syn drif gedaan.
 Mar koster het dit nie verstaan.

... ..
 Eerwaarde heeren, die dit lees,
 Ek hoop dat jul' mag wyser wees !
 Om tog nie meer so laat te slaap,—
 Dink, hoe dit ging met ons ou paap !

DIE RESEMSTOK.

'n Storie onder ons, Afrikaners, goed bekend.

Kom, Afrikaners ! luister mooi,
 Let op, net wat jul' kan,
 Ek gaan nou weer 'n grap vertel :
 Van Grietjie en van neef Jan.

Jan was 'n regte snaakse vent,
 Hy stel hom baie aan ;
 Nou, sulke jonkmaans is daar meer,
 Ons hoef nie vèr te gaan.

Gen noitje was daar in syn buurt,
 Of Jan het daar gevry ;
 Hy het die laaste burepat
 Met Witvoet plat gery.

Neef Jannie was dus goed bekend,
 Want hy vry bont en blou ;
 Die neins ontvang hom regte koel—
 So iets gebeur maar gou.

Hy seg: "Die wêreld is mos groot ;
 Daar 's neins in owerfloed,
 Die niggies van 'n ander buurt
 Die is mos net so goed."

So ry hy op 'n goeje dag
 Na Grieta van oom Klaas ;
 Hy kom daar op 'n stywe draf,
 So pronk pronk op die plaas.

Die nuws gaan gouwer as die wind,
 En net so's hy daar kom,
 Weet Grietjie wie die jonkman is ;
 Want sy was glad nie dom.

Jan kuier daar nou regte dik,
 En seg toen ver syn na.
 "Dat hy van Grietjie baine hou,
 En hy haai mar sal vra."

Een aant kryg hy haar mooi op sy,
 En doet toen goed syn woord:
 Hy praat van *leef tot i: die doot*.
Van trou en so al vert

Nou Grieta het dit sien ankom,
 En het haar niks outstel;
 Mar seg: "Mer ek jou antwoord ga,
 Moet ek jou wat vertel.

"Ons is nog regte kort bekend,
 Daarom is ek bevreës,
 Om so meteen mar *Ja en sê*—
 Jy moet nie haastig wees."

Mar Jan wil van gen uitstel hom —
 "Nou eenkeer *Ja* of *Nee*—
 Of anders saal ek Witvoet op,
 En ry ver altoos heen.

"Kom an, ek weet 'n goeje raad,"
 Seg Grietje toen ver Jan,
 "Kap morre myn 'n besemstok,
 So *reguit* as jy kan.

"Jy gaat net eenmal deur die bos,
 Keur jy 'n stok nie goed,
 Dan kyk jy een wat beter is;
 Daar 's stokke in o'ervloed."

"Dis goed," seg Jan, "dit sal ek doen"—
 En ewe vergenoeg,
 Gewapend met 'n skerpe byl,
 Gaat hy die oggent vroeg.

Hy kryg 'n stok so mooi regnit,
 Mar tog laat hy hom bly;
 So maak hy seker honderd keer,
 Om beterder te kry;

So loop hy deur die holo bos,
 Geen stok is na syn sin;
 So kom hy eindlik by die end,
 Maar daar is ewe min.

Terugkeer kon hy nou nie meer,
 Di's tyd om weer te kom;
 Hy moet mar bring wat hy kan kry,
 Hy kap een—*skeef en krom*.

En Grietje lag hom lekker uit,
 En sy vat toen die byl,
 Spring weg en kap 'n besemstok
 So reguit as 'n pyl.

"Myn antwoord is nou klaar, neef Jan,"
 Seg Grieta toen ver hom;
 "Jy kan nou mar jou p'rt opsaal,
 En hoef nie weer te kom.

"Hul het ver myn al lank vertel
 Hoe keurig dat jy is;
 Die besemstok het myn geleer
 Dat ek jou goed kan mis.

"Soek mar ver jou 'n ander vrou,
 Ek dank jou ver die eer!
 Ek raai jou laat die keurigheid—
 Vaarwel, goe'n dag, meneer!"

Dit het Neef Jannie nooit gedroom,
 'n Noi hom so sal kry,
 Kop voor die bors en baing skaam,
 Is hy toen weggery.

En Jan is tot van dag toe nog,
 Alleen én ongetrouwd;
 Hy soek nog wel, maar kan nie kry,
 Hal' seg hy 's nou te oud.

MORRE- EN AANT-REDE

van 'n Wolf en syn Vrou.

WOLF.

Ag, vroultjie, waarom kan jy niet
 Die huisson goed versorger?
 Jy maak myn lewe vol verdriet
 In d'awond en die morre.

VROU.

Ag, liwe man, ek is al iam
 Van lap en war en stryke,
 Van kinders was en hare kam,
 En nog na kos te kyke.

WOLF.

Nou wie moet na die huisson kyk,
 As jy daarvoor te sleg is?
 Ver myn sal dit te aardig lyk,
 Omdat dit glad nie reg is.

VROU.

O Né, dit sal nie lelik wees;
 Werk jy, in plaas van order!
 Mar een ding is daar wat ek vrees:
 Sal jy met huiswerk vorder?

WOLF.

In 'n half-dag sal ek meer uitvoer
 As jy doet in 'n hele;
 Kyk jy die skaap; werk in die vloer!
 Die huis sal ek bevele.

VROU.

Nou top, ou Wolf, dit wil ek hê;
 Geef myn die swcep en strop-pe!
 Mar één ding het ek jou te sê,
 Verbrui jy, 'k sal jou kloppe.

WOLF.

Nou vron, jou werk is milies plant;
 Die koei melk elke morre;
 Saans velskoen maak as kerslig brant;
 Ver skaap ou pèrde sorre.

VROU.

En jy moet na die ganse kyk;
 Gen eijer moet verloor nie!
 Die kouse stop, die wasgoed astryk;
 Gen vark die tuinwal o'er nie!

As ek van-naant na huistoe kom
 Sorg dat die kos dan gaar is,
 Want anders draai ek jou nek om;
 Jy maak dat alles klaar is!

En dit was morre gewees, en dit was aant
 gewees; lat ons die uitslag hoor.

VROU.

Wel, Wolf, hoe lyk jou boerdery?—
 Jy het vergeet om huis te ve!
 Mar lat ons eers wat ete kry.
 Dan kan jy rekenskap kom ge.

WOLF.

Hier is gen kos, dit is verbrand
 Toen ek die ganse het gaan seek.
 Kom, ek maak nou die huis an kant;
 Braai jy so lank 'n roosterkook!

VROU.

Een mooi je grap? Moot *ek* kos kook?—
 Wat het jy heel dag dan gemaak?
 Wil jy mar net jou pyp sit rook?
 Of het jy heel dag leg en slaap?

WOLF.

Nou wat de drommel wil jy eet?
 Hier is gen eijer, ook gen broot;
 Die kraai het d'eijers opgevreet;
 Die gansies is ook almal dood.

VROU.

Myn skepsels! dis tog daarom waar,
 Een man kan mar gen huissou hou.
 Van morre het jy groot gepraat,
 En kyk, hoe leg die spul daar nou!

WOLF.

Kom bog, ou wyf, jy is verspot;
 Jy kan jou werk weer kry.
 Een vrou hoort by haar oont en pot,
 Een man moet ploeg en water ly.

TOEPASSING.

Een ider hou hom by syn roeping; en soek
 gen foute in een ander syn werk.

DIE STEWELTJIES VAN SANNIE.

(Uit die Volksblad.)

Pas altyd ver 'n vroumens op;
 Dit help jou net gen stuk nie,
 Steek jy jou nek eers in die strop,
 Dan kan jy nooit los ruk nie.

So is dit oek met myn gewees;
 Ek was nie reg van plan nie,
 Toen was dit haak al klaar met Kees;
 Ek was gekloof aan Sannie.

Skaars was ek 18 jare oud,
 Toen vry ek al na Sannie,
 Myn sakorlosie was van goud,
 En 'k ge pad ver gen man nie.

Haar oners het ons uitgelag,
 Hul seg ons is mar vulletjies,
 En ek moet nog 'n bietjie wag
 Met sulke kinderspulletjies.

Mar, neef, ek moet jou tog verhaäl,
 Hoe dit met myn gebeur is;
 Jou tyd die kom oek nog een maal,
 Voor jy mooi reg daar deur is.

Ek droom mos dat sy voor myn staat,
 Met splinter-nuwe stowels,
 Hul mag van kleine voetjies praat,
 Mar Sannie het twe knewels.

Ek trek myn an die oggend vroe,
 "Saal op die skimmel daar!"
 Toen ry ek reg-nit Sannie toe,
 Om te hoor hoe sy nog vaar,.

"Goei móre, Tante-- móre, Oom!—
 "En waar is Sannie dan?"
 Daar kom sy net soos in myn droom,
 Met die selfde stowels an.

Wel ek sal jou mar kortaf sê,
 Ek het haar toen gevra,
 Of sy myn ver 'n man wil hê,
 Toen seg sy sommar "Ja!"

Een mens die bly tog mar een mens,
 Ek weert nie wat's die rede,
 Mar soos hy kryg net wat hy wens,
 Dan wort hy ontevrede.

Dit help nou weinig om te huil,
 Al het ek spyt van Sannie,
 Kon ek die ou ding maar verruil,
 Dan sou ek—mar ek kan nie.

KLAAS GESWINT EN SYN PERT.

(Uit die Volk-blad.)

As jy miskien nog met jou maat,
 Bo in die dorp sit lag en praat;
 Vergeet jy, jy moet huis toe gaan
 Anders sal Elsie ver jou slaan,
 Sy sit al by die vuur en brou:
 "Ek kryg hem, soos hy huis toe kom."

Jammer dat mans so selde hoor,
 As hulle vrouens ver hul knor;
 Dit is mar so: "Hul kan maar praat,
 Ons luister tog nie na hul raad."
 Dat dit so is, het Klaas Geswint
 Een donker nag ook nitgevind,
 Hy 't leelik in die knyp geraak,
 Toen hy terng ry van die Braak.

Had Klaas geluister na syn vrou,
 Dan had dit hom nog nooit berou;
 Gon dag gaat om of sy vertel hem:
 "Mar Klaas, jy is tog al te skellem.
 Nog nóoit is jy van huis gewees,
 Of jy gedraag jou nes 'n bees,
 En loop Klaas Titics met jou me,
 Dan gaat dit woe met julle twe."

Eén aânt, in plaas van huis toe gaan,
 Bly Klaas nog in die dorp in staan.
 "Nou, arrie! moet jul myn trakteer!--
 Kom, kerels, gooi mar nog een keer."
 Hul ge oom Klaas oek nog een dop,
 Toen was hy net mooi hoenderkop.

Nou skeel dit niks, al wort dit nag,
 Hy bly mar daar gesels en lag;
 As Klaasie eers begin te slinger,
 Dan kan jy glo, hy sal mar linger.

Plesier is nes een jong komkommer,
 As jy hom pluk, verlep hy sommer;
 Of nes een skulpad in syn dop in,
 Soos jy hom vat, dan trek hy kop in.

As Klaas van naânt syn huis wil haal,
 Dan wort dit tyd om op te saal.
 So klim hy "Kol" mar saggies op,
 En druk syn hoet vas op syn kop.

Een stukse morrie was ou Kol,
 Al was haar rug 'n bietjie hol;
 Eers fluit die ou—want hy was bang—
 Die neen-en-neentigste gesang,
 Dan kyk hy weer een slaggie om
 Of daar miskien gen spook ankom.
 Voor hy van naânt syn huis kan kry,
 Moet hy die kerkhof nog verby.

Die drank is tog een snaakse goed;
 Hy ge die bangste kêrel moed.
 Al is 'n Hotnot nog so olik,
 Een sopie maak hom net nou vrelik;
 Steek hy maar net een dop of drie,
 Dan stuit hy ver gen duiwel nie

Mar Klaas het daarom naar gelyk,
 Toen hy daar in die kerkhof kyk;
 Syn bloed het wonderlik gekook,
 Toen hy gewaar hoe dit daar spook.
 Daar speel die duiwel op een tromp,
 Ver veertig spoke in 'n klomp;
 Hul dans daar rond, dat dit so gons,
 Gen ouderwetse cottiljons.
 Mar eers "Alexander Klip Salamander"
 Trap hulle algaar met malkander,
 Toen was dit weer die "honde krap,"
 Tot dat die sweet so van hul tap.

Die goed was bijna poedel kaal,
 En kyk die vrouens was te skraal,
 Mar een daarvan, 'n bietjie dikker,
 Maak so 'n uitgchaalde flikker,
 Dat Klaas plaas van syn bek te hou,
 Skre, "Arie! dit was fluks van jou."

Soos hy dit seg, toen moet hy ja,
 Die heel boel set hom agterna;
 "Kol, loop nou dat die stof so staan,
 Anders is Klaas vannaant gedaan;
 Kom jy mar net die drif verby,
 Dan dalkies raak jou baas nog vry;
 Een spook is nes 'n bok-kapater,
 Hy loop nie sommar in die water.
 Too, Kol, die duiwel sny jou spoor."
 Hier leg die drif; "*hier!*" sy's daaro'er.
 Haar stêrt het hul glad uitgeruk;
 Mar Klaas is los, dis syn geluk.

Ver die wat lus het om te draai,
 Wil ek mar net een woortje raai:
 Gedenk aan Klaas Geswint syn pêrt,
 En vraag jou self: waar is haar stêrt?

KYK NA DIE KLOK.

(Uit die Zuid Afrikaansche Tydschrift.)

"Nou kyk na die klok, bees!" seg ou tante Let,
 Toen oom Japie tuis kom, 'n klein bietjie vet,
 "Is dit 'n manier om te maak met 'n vrou,
 Het jy dit beloof, toen ons saam het getrou?
 Dis amper al dag al, en nou kom jy tuis,
 Jou skelm, jou vabond, jou lelike ou kruis!
 Net nou lê jy weer as 'n doje ou blok:
 Maak ope jou oge en kyk na die klok!"

En ou tante Lettjie was netjies en skoon,
 Gen skooner ou vrou het in die buurt gewoon,
 Haar tabbert van voersies was netjies gebloom,
 Haar onderrok groen met een rooi streep daar om.
 Haar kappie was wit en een half jaart mar lang,
 En as jy daar inkyk jy word somar bang,
 Haar mond nes 'n kraalhek; sy was nie meer

[jong,

Haar beentjies was kort, mar so was nie haar
 [tong.

Oom Japie was lolik, mar oom Japie was goed.
 Hy het net een foutje, dit sit in syn bloed:
 Hy hou van wat lekkers soos baing mar doen,
 Van vlees en van vrugte, of jong noi haar soen.
 Mar meeste van alles hou hy van 'n glas
 Met Brandwyn en water en suiker vervas.
 Hy moet dan eens proewe en so hou hy an,
 Tot hy amper nie lope of prate meer kan.

Die dag het oom Japie na dorp toe gekom
 Met oom Jan van Fonteintje en Piet van Keerom.
 Hul' het toen 'n bietje gestap naar Hotel,
 Dit was toen ver hulle so lekker en wel.
 Hul' drink, hulle sing tot die dag is gedaan.
 "Kom, jong, seg oom Japie: ek 's bang ver die
 [maan.

Hy sal sien ons is lekker. kom steek nog 'n dop.
 In donker dan saal ons die tripplaars weer op."
 Hulle doet so en nou kan jy makkelik raai.
 Waarom ou tant Lettjie is nukrig en kwaai.
 "Kyk, bees!" seg sy, "kyk," en hy skrik as hy sie
 Die lange op twalef, die korte op drie.
 Die klok het al lank tot 'n anstoot gewees,
 Want Japie het baing die wysers gevrees.
 En net soos hy tuis kom, dan moet hy dit hoor,
 Die vrou wil nie glo nie, die klok loop mar voor.
 Hy het eens die klok an 'n smons wil verruil,
 Die ou tante vloek hom, die ou tante huil.—
 "Jou skelm, jou ou dronkaard, verkoop eer
 [myn rok,
 Mar nooit kryg 'n ander myn ou ma haar klok."

Die nag het dieselfde ou storie begin;
 Mar Japie was vaakrig en had nie veel sin
 Om pratjies te hoor nie: hy vat die sambok,
 En gé die ou tante 'n hou o'er haar kop.
 Hy het nie gemeen om so hard haar te slaan,
 Hy wil haar mar net 'n klein bietjie vermaan.
 Mar haar kappie vlieg af en haar oge wort groot;
 Sy gé net een skree en d' ou vrou is dood.

Alle wêreld, nou skrik hy, hy loop deur die huis;
 Ou Platje en Aploon die hol nou uit die kombuis.
 Hul' bring goudietrommel, hy vatsouttinctuur,
 Rooi poejer, wit dulceis en aamby mixtuur.
 Mar 't help nie: ou tante is dood. Nou hy saal
 Die ou triplaar weer op om die landros te haal:
 Hy 's bang om te vlug en is bang om te bly,
 En hy maak baing planne so lank as hy ry.

Die landdros die kom en die dokter kom oek,
 Mar eers moes die dokter een bril ver hom seek,

Want syn bril was te oud ver die saak van gewig.
 En oom Japie wort bang ver die vreeslik gesig,
 Die dokter beskou nou haar maag en haar kop,
 En al wat hy daar siet skryf hy somar op.
 Hy sit lank te denk mar hy seg eindlik nors :
 Sy 's dood van haar boosheid, haargal het gebors.

Oom Jaap is nou weunaar en gaat in die rou,
 Mar net nou verlang hy al weer na 'n vrouw.
 Hy 's bang in die huis so alleen in die nag;
 Hy 't nooit van te vore die saak so bedag.
 Hy maak nou 'n plan om mar gou te gaan vry,
 En denk dis nie nodig om vèr te gaan ry;
 Want agter die bult woon 'n reg liewe nooi,
 Dis Sannie van Willem, reg vrindlik en mooi.

Oom Japie is bang, dat die mense sal praat,
 Mar 'n man wat wil vry, maak gou 'n raad.
 Hy gaat in die awend, die plaas is naby,
 Dan vat hy die voetpad, en hoof nie te ry;
 Aploon styf syn borshemp so goed as sy kën,
 Hy trek toen syn beste ou kisklere an,
 En vóór dat hy weggaat, toen steek hy 'n dop,
 En klim toen reg moedig die pad o'er die kop.

Die son was net onder toen Japie begin,
 Die maan was mar klein en hy had nie sin
 In die donker te loop; so stap hy vol moed,
 En so lank as dit dag is, gaat alles oek goed.
 Mar die donker die kom en die pad is mar lang,
 En hy stry met homself—hy is niks nie bang;
 Mar vóór in die bos, kyk daar sit so'n ding,
 En eer hy dit weet, ly begin al te sing.

Hy sing en hy loop, mar syn asem gaat staan,
 En hy sweer hy sal nie weer in donker uitgaan;
 As hy weer gaat vry ooit, dan is dit by dag,
 En hy denk an syn vrou en hy denk an die slag,

En hy vat weer die veld, marsyn bene wort swaar,
 En net soos benouwdheid, hy voel al te naar.
 Hy loer agteruit en kyk dan weer voor,
 En dis of hy agter hom spokery hoor.

Ja, dis so, daar agter daar hoor hy wat kom.
 Hy wil skre, mar die skrik maak hom somar
 [weer stom.

Die ding die kom an, ja hy hoor dit nou goed,
 En syn hart, ja die klop, in syn keel is al bloed.
 Die geluid is te snaaks en dit maak hom vol vrees,
 Dis gen kar of gen wanie, gen man en gen bees,
 Dis nie dans nie of loop nie, gen sweep nie wat
 [slaat,

Mar dis net soos 'n doodkis wat trappe opgaat.

Hy staat stil en maak vas die gort om syn broek,
 Hy wil loop, want hy voel dat die ding hom
 [kom sock.

Mar hy kyk eens weerom en hy staat as 'n stok.
 Want hy siet dis ou Letjie haar ou-ma haar klok,
 Presies nes dit is, mar o wee tog die plaat,
 Is syn vrou uitgedruk, dis haar hele gelaat,
 Die twee gatjies haar oge, hulle blink net soos
 [vuur,

Die naam van die makers die mond altyd suur,
 Die wysers haar neus, nes een gloeiende straal,
 Dis syn vrou, wat hom jaag, wat hom huis
 [toe kom haal.

Net eenmaal mar kyk hy en toen is dit klaar,
 En hy skre, op syn kop rys nes penne syn haar,
 En hy loop wat hy kan, mar die ou klok die kom,
 En oom Japie die haal, en hy kyk nie meer om.
 Ek het baing sien loop, mar nooit nog soos hy,
 Dis net of hy vlieg, mar die klok blyf hom by

Op syn een poot, en Japie het amper verloor,
 Mar hy 's dig by die huis en oom Jaap is nog
 [voor.

Hy val voor die deur en hy klop hard en lang,
 Mar die baas is van huis en die vrouens is bang.
 Mar hy skre en nig Sannie maak ope die deur,
 En sy siet Japie staan sonder asem of kleur.
 Toen skrik sy en goi so die deur mar weer dig,
 En Japie, hy huil so: "Og toe, liwe nig,
 Ek kom om te vry, o, wees nie 'n blok,
 Die klok wil myn vang! Hoei, o kyk na die klok!"

Mar Sannie sy denk, die ou kerel is dronk,
 En sy skre deur die deur. "Jy is te beskonk,
 Loop vry ander plek, hoor, en raas hier nie meer,
 As myn pa mar hier was, dan maak hy jou seer."
 "Maak oop!" roep oom Japie, "die klok wil
 [myn vang!

"Ik gaat dood, O, myn niggie! ek is tog so
 [bang."

Mar die deur die blyf toe en die kêrs die gaat
 [dood,

En hy vlag in die koeikraal van angs en van nood.

Daar blyf hy die nag nou, hy is bang om te gaan,
 Want net soos hy roer, hoor hy die klok slaan.
 Hy bind toen syn sakdoek styf voor syn gesig,
 En gloof my, hy segen toen nie ver die nig.
 Mar die dag die breek an en die spook die ver-
 [dwyn,

En Japie na huis toe eer sonlig weer skyn.
 Ou Platje die siet hom, mar voor hy hom vra,
 Seg Japie: "Ou jong, die ou noi die kan ja!"

Nou Japie veraader en vry nou nie meer,
 Mar wort 'n goei templer net so as meneer,
 En wat hy oek doet nou, en waar hy oek gaat,
 Oek as hy by vrinde sit lekker te praat,

Sodra die kort wyser hard loop na die tien,
 En die lange op twaalf deur hom wort gesien,
 Dan vat hy syn hoed en die vat hy syn stok,
 En seg: "O! myn vrinde, pas op ver die klok!"

JAN BANTJIES.

Jan Bantjies was 'n Hotnotjong,
 So knap as jy kan kry;
 Daar was in al ons hele buurt,
 Gen een wat so kon ry.
 Gen hengspêrd was ver hom te kwaai,
 Hy klim hom so mar op;
 En of hy skop, en of hy spring;
 Hy 's net nou in galop.
 Het Jan hom twe, driemaal gery,
 Wees dan mar nie bevrees,
 Al was jy al jou lewe lank
 Nooit op 'n pêrd gewees.
 Die laaste jonkman in die buurt
 Syn pêrd het Jan golcer;
 En val hy al, syn kop is hard;
 Hy 't nooit ver hom beseer.
 "So'n Hottentot is baing taai,
 Syn kop is nes 'n klip,
 Al val hy oek, dat hy so skuif".
 So seg laas ou oom Flip.
 Dit, vrinde, sal jull' oek wel weet;
 Dus gaat ek mar weer an,—
 Om jull' die storie te verhaal
 Hoe of dit ging met Jan.
 En as die storie jull' behaag,
 En as jull' meer wil hê,
 Myn pen is klaar, en ek weet meer—
 Dan kan jull' dit mar sê.

II.

Eens op 'n goeje Donderdag,
 Ek sal dit nooit vergeet,
 Wort klein neef Piet syn goed verkog
 't Was net so skriklik heet:

Ek ry na die verkoping toe,
 En bied daar op syn pèrd;
 Dit was 'n merrie met 'n bles,
 En sy was nie veul wèrd.

So rank en mager was die dier,
 Dat al die mense sê:
 "As jy haar in die kar gaat span,
 Dan blyf sy seker lè."

Nou om die waarheid te vertel:
 Ek het an haar bly hang,
 Myn bod was *Two Pond, agtien, ses*,
 Mar ek was glad nie bang.

Ek dag, myn veld is baing groot,
 En sy kan daar mar loop,
 En is sy eers wat meer bevreis
 Kan ek haar goed verkoop.

Nou, soos dit met ons boere gaat,—
 En lank sal dit nog duur—
 Stuur jy 'n jong op boodskap uit,
 Dan kos dit menig uur.

En *tyd is geld*, het ek gelcer—
 Dus as ek iets laat haal,
 Dan het ek nooit daarom gegê,
 Dat Jan ver Bles opsaal.

III.

Dikwils het ek verbaas gestaan,
 Dat Jan so gou gou kom;
 Ek dag, ek sal tog oendag kyk,
 So pas ek op ver hom.

Mar, vrinde, julle kan myn glo;
 Seg tog nie dat ek lieg—
So jaag—het ek nog nooit gesien—
 Die Hottentot die vlieg!

Nou, as jy kom, kry jy 'n pak,
 Hou mar jou boutte klaar;
 As pèrdry hull' nie seer kan maak,
 Die strop die slaat hull' gaar.

Ik wou hom klop, mar hy praat mooi
 En seg: "Myn Seurtje lief!
 Die vosperdmerrrie, die kan loop;
 Og, slaat nie, asseblief!"

"Jou bossiekop, syn Hottentot!
 "Hoe kom moet jy so ja?"
 "Eers seg die Baas om gou te kom,—
 Hoe kan die Baas so vra?"

Die Hottentot, die had gelyk,
 Ek het toen stil gebly;
 Mar seg hom: "Dit gebeur nie weer
 Dat jy so vinnig ry."

Mar wat ek seg, of wat ek praat,
 As ek ver Jan laat kom,
 En as ek hom 'n boodskap stuur,
 Hy 's net nou mar wecrom.

IV.

Eens op 'n oggend, regte vroeg,
 Kyk Jan ver myn so an;
 Ek weet nie wat die jong wil hê,
 En ek kyk weer ver Jan.

Toen seg hy: "Seur, die ander maand
 Is *Resies* in die Kaap!
 Sal Seur die merrie nie laat loop?"
 Ek seg ver hom: "Loop slaap!"

"Is jy van morre vroeg al dronk?"
 "Né, Seur, ek steek gen dop;
 As Blesbok nie die resies wen,
 Dan staat ek op myn kop!"

"Jan! hoor, as jy met myn wil jil
 Dan loop dit nooit goed af"...
 "Mar Seur, ek meen dit reg reg so"...!
 "Stil nou, of jy kryg straf."

Mar dat die jong syn mond wil hou,
 Dit was mos net ver niet,—
 Di's: "Blesbok *sal* dié resies wen"—
 Net so's hy ver myn siet.

Dit duur so tot vervelings toe:
 "Sal Baas ver haar lat loop?"
 Ek seg: "As jy nog langer lol,
 Dan lat ek haar verkoop."

Die jong het ampertjies gehuil,
 Toen ek dit ver hom seg.
 Hy brom: "As Baas *die* pèrd verkoop,
 Dan gaat Jan Bantjies weg."

V.

Ek praat met Daan en Gert daarvan,
 En hull' seg: "Geef syn sin,—

Jy weet dit, Jan kan lekker ry,
Dalk gaat jou merrie win.

Toe, kerel, doet dit asseblief!
Ja, toe tog, maak die grap!
Breng Jan en Blesbok op die baan—
Dan lag ons ver ons slap.

Die treingeld sal ons help betaal,
Die "sweepstakes" oek daarby;
Toe, kerel, doet ons die plesier;
Laat Jan die vospèrd ry."

Ek seg: "Is jull' oek stawelgek?
Daar 's pèrde van Breda,
Van Barry, Melck, en van der Byl;
Hoe kan jull' so iets vra?"

"Sal dan 'n mager boerepèrd
Met hulle kan gaan loop?
Daar 's ingevoerde pèrde by
Ver baing geld gekoop."

Daan seg: "'n Engels resiepèrd,
Wat baing so me spog,
Syn asem is mar baing kort;
Hy 's net 'n regte bog."

Die twé die sal mos help betaal—
En so praat hull' myn om—
Jan Bantjies spring so uit syn vel,
Toen hy weer by ons kom.

VI.

Wat het die Kapenaars gespot—
Nou, ek had dit verwag—
Di's: "*kukcha!*" di's: "*domme boer!*"
Di's spot en jil en lag.

En agter by die Groenepunt,
 Daar waar die pèrde loop,
 Daar het ek ook wat uitgestaan
 Die boel was daar besoop.

Dit skree en raas, dit vloek en sweer,
 Jou ore somar doef;
 Die dag —ek wens hom nooit weerom,
 Ek had dit nooit geloof.

Maar wat nou maak? ek is nou daar—
 Laat hulle nou maar jil. ...
 Ah! toen die merrie eenmaal loop,
 Hoekom was hulle toen stil?

Dis "vossie" voor, en "vossie" na—
 Toen draai die pratjie om;
 En toen die pèrd die resies win,
 Toen staat hulle almal stom.

Die dag het Blesbok hulle gewys:
 'n Goeje *Knapse* pèrd,
 Die laat 'n pèrd met *Engels* bloed
 Nooit ruik nie an syn strèt.

Jan Bantjies, dit kan julle begryp,
 Syn mond was baie groot;
 En dat hy *ryk* was, kan julle denk,
 Hy kryg 'n VIEREND NOOT!!

VII.

Ek het die vossie duur verkoop,
 Die eerste prys gewin;
 En nogtans was die resiesdag
 Volstrek nie na myn sin.

Jan is daar an die drank geraak,
 Di's iets wat myn so spyt—
 Hy was 'n regte goeie jong,
 En nou is ek hom kwyd.

'n Engelsman wat pèrde hou,
 (Ek sal syn naam nie noem,)
 Die het Jan Bantjies weggelok,
 En hom gehuur ver "groem."

Dit het nie al te lank geduur,
 Of hy jaag hom weer weg,
 Nou loop hy die kantiene af,—
 Ja, so's die jong versleg.

Di's spytig om dit an te sien,
 Hy 's so verpluk en naar;
 Mar wag as julle Kaap toe kom
 Sal jull' dit self gowaar.

Ag ja, die resies deug mar nie;
 Die pèrde wort gemoor,
 En snip en raas en vloek en sweer,
 Dis wat jy siet en hoor.

Ek—ek ver myn het baing spyt,
 Dit kan ek jull' vertel...
 'n Resiesbaan is regtig waar
 'n Kweekplaas ver die Hel.

Ek denk nog monigmaal terug
 An arme dronke Jan,—
 Die GELD?... weet, vrinde, tot besluit,
 Brag myn gen voordeel an.

PIETER EN BETJE,

OF

*Jong Getrou,
 Vroeg Beroof.*

Kom luister, myn vrinde! let op, en hoor aan,
 Hoe sleg dit met Piet van oom Gert is gegaan,

Hy was, op myn woord, nog gen twintig jaar oud,
 Toen was hy met Bet van tant Grietje getrouwd.
 Nou Betjie—lief kind—was mar skaars uitgegroeï,
 En al wat sy hêl was één ma'er ou koei.
 Die bure het almal te danig gespot;
 Hul seg: "Kook die kindertjies oek al hul pot?"
 "As die dinge reg loop, dan wil ek nie weet,"
 Sez oompie; "hul 't net nou gen kos om te eet!"
 Di's waar oek, as kindertjies spultjies anvang,
 Dan kan dit nooit goed gaan, of ek laat myn hang.

Nou Pieter syn ma was al lank tyd al dood;
 Syn broers en syn suuters was almal al groot;
 Syn papa het toen syn affêre verkog,
 En was kant en klaar vor 'n Vrystaatse tog.
 Mar eor dat hy wegry vraag Willem, en Thys,
 En Pieter ver pa om hul *moedersbewys*.
 Oom Gert was toen nukkig, mar wat sal hy doen?
 Hy hou as 'n eerlike man syn fatsoen;
 Betaal an elk kind Twee Honderd Pond ruim,
 En trek toen; want hy kon nie langer versuim.
 Gen mens was nou blyer as Piet en syn vrou;
 Hul praat nou van plaas koop en fluks op te bou.

Piot lees kort daarna in Neef Jan syn koerant:
"Vandisies en plase te koop uit die hand!"
 En een morre vroeg wort ou Blesbok gesaal;
 Piet gaat nou 'n plaas koop; hy kan mos betaal (?)
 Daar op die verkoping praat hy baing groot:
 Dat hul hom sal fop ja daarvoor is gen nood;—
 So seg hy — mar ja, dit het anders gekom —
 So'n afslager, vrinde! die is mos nie dom!

"Kom, mense, trek *Bonus!* Kom, wie neem die geld?
 Kom, Tien Gon'e Ponde het ek uitgeteld!
 Seg Twee Duisend Pond!—Dis mar Vyftig Pond meer
 Di's spotkoop! So'n kans kom nie ider dag weer!"

Piet kyk weer, en mik weer... "Hier, seg hy, is IK!"
 Hy vat dit—hul slant toe—mar toen sal hy skrik...
 Di's geel en di's groen en die wêreld draai rond,—
 Die plaas is nou syne ver 'TWE DUISEND POND.
 En Pietjie—hy is nou so'n grote meneer,
 Ofskoon hy die koopskat geheel intresseer,
 Di's moeilik, myn vriende, jal sal dit wel merk,
 As 'n mens graag wil kuyr en glad nie wil werk.

Nou Betjie was tog mos gen uoi ver 'n plaas,
 En Piet nog veel minder bekwaam ver 'n baas.
 Ver alles staat niggie haar hande verkeerd—
 Sy 't "HISTORY" op skool, mar gen werke geleerd.
 Hul sukkel nog so-so die eerste paar jaar.
 Mar toen was die sake van Piet deur-skaar;
 Die rente blyf agter—nou's goeie raad duur,
 En Piet moet syn dwaasheid net deedlik besnur.
 Hy vraag wel om uitstel, mar kryt gen verhoor;
 Daar's anders gen raad meer as—MASTERS-KANT "OR.

Nou, vrendjies, een woordjie noz, eer ek besluit:
 Ek bid jul, neem hier tog 'n sedeles uit:
 'n Vrou trou, en plaas koop—dit gaat jou nooit goed,
 As jy dit nie beter as Pieter-neef doet.
 Wag liwers wat langer, en kyk uit jou oge,
 En vraag oek om raad eers, of jy wort bedroge:
 Met Piet gaat dit nou mar elendig en sleg:
 In plaas dat hy BAAS is, werk hy nou as KNEC.

V.

GEMENGDE GEDIGTE.

VANSELEWE EN TE'ENSWOORDIG.

1778.

Boer ploeg hom moe;
Dogter melk die koe;
Vrou is an d' spinne;
Seun ry gerwe binne;
Geld in die kas!

1878.

Boer is op swier;
Dogter speel klavier;
Vrou sit in Satyn;
Seuntjie leer Latyn;
Plans is belas!

VER IDER MAAND VAN DIE JAAR.

JANNEWARI.

Alweer Nuwe Jaar, die tyd vlieg tog gou!
Ons lewe gaat same, dit moet ons onthou!
Die laaste Nuwjaarsdag sal seker eens kom!
Miskien sien ons nooit gen Nuwjaarsdag weerom!

Ons wens al ons lesers veel heil en geluk!
Vertrou mar op God so in voorspoed as druk!
Dan sal ons op aarde in alles bestaan,
En eenmaal deur Jesus in heerlijkheid gaan.

NEWBORN.

Die Wynboer maak hom klaar, nou is die geeje
[tyd,
Dat onse liewe Heer hom loon ver al syn vlyt.
Syn kuipe wort gewas; syn druiwe wort al soet;
Dank, lieve Vader, dank! ver al die oewervloed.
Geef ons een dankbaar hart ver al die segeninge,
En leer ons om uw Naam gedurig lof te singe!

MAATZ.

Korter dage, langer nagte
Moet ons al in Maart verwagte;
Somer 's byna om.
So vlieg onse lewensjare,
Vol van sorge en besware,
Tot ons HERFSTYD kom,
Almal stap ons na die graf.
Mense val nes blare af.

APRIL

Ja, nou het die Wynboer en Koringboer geld
Om skuld te betaal en te koop met geweld.
Dis tyd vir die Handlaars om oek wat te make;
Geluk dan en voorspoed in al julle sake!
Wees eerlik met maat en gewig en met el;
Dan segen die Heer jou, dan gaat dit jou wel!

NYL

Die droogte is verby, daar val die eerste regen!
Wat is die Here goed, dat Hy ons tog so segen!
Kom, Koringboer, maak klaar, en ploeg die
[grond mar om,
Jou meete word beloon as weer die oestyd kom,
Dis nou ook juis dietyd om in die grond te grawe.
Om van die oggent vroeg tot sawonslaan te slawe;
Daarom wens ons geluk aan al ons ou'e vriende
Dat hulle baie goud en diamond mag vinde!

JUNY.

Regen, Haaſel, Storm en Wind;
 Dis 'n teken Winter begint.
 Blare geel en boone kaal!
 Nou mar kos van solder haal,
 Somers werk,—dan 's winters brood;
 Lui gewees,—gebrek en nood.
 Nog 'n woortjie wense?—
 Denk an arme mense!

JULY.

Die Wagter met an syn skape en lammers an syn sy
Die lat myn dikwils denke hoe Jesus het gely;
Hoe Hy die meuse skape, die kinders lammers
[noem;
Hoe ons syn stem moet kenne en Hom alleen
[moet roem.
Deus maand is een van vreugde, die Lammers-
[tyd is daar;
Heer! segen onse veeboer met een goed lammer-
[jaar.

AUGUSTES.

Wat sal ons van Augustus sê?
Deus maand begin die vools te lê,
Die Vo'elstruis daarby.
Die diere weet tog ook hul tyd.
Hul ei'ers maak die boer verblyd,
En vere sag nes sy.
Die eienaars van Vo'elstruis
Wens ons veul vere en geld in huis!

SEPTEMBER.

Die Lontetyd is daar, die kou'e weer is o'er;
Die tortelduif syn stem wort o'eral gehoor;
Dieregens is verby; die veld staart vol met bloeme;
Die vogeltjes die sing om onse God te roeme.

Al wat ons ore hoor, al wat ons oge siet,
 Spreek duidelik en klaar: "Die Heer vergeet
 [ons niet!]"

Lat ons dan ook opreg ons liewe Vader pryse
 Ver al syn Vadersorg en al syn gunsbewyse.

OCTOBER.

Dis nou weer die tyd ver die Ring of Synode,
 Ons denk baing keer an die Raad van die Jode,
 Wat Jesus ons Heer het gekruis en versaak;
 Og mog nooit ons Ring of Synode so maak!
 Mar al hulle wette tog maak met verstand,
 Tot heil van die kerk en tot nut van die land.
 Bestuur hul tog altyd, o Geest van die Heer!
 Te doen soos Uw Heilige Woord ver ons leer!

NOVEMBER.

Koring sny;
 Gerwe ry;
 Miet maak en dors;
 Oppas, nie mors!
 Brood om te eet;
 Dank nie vergeet!
 Oestyd al weer;
 Goed is die Heer!

DECEMBER.

Die laatste maand is al weer gekom;
 Die jaar is regtig amper om;
 So gaat ons tyd verby.
 Stryd, Afrikaners, hand an hand,
 Ver Godsdien, Taal, en Vaderland!
 Die Heer staat om ons sy!

KEREL, PAS OP!

Ek ken een meisie, mooi en klein,
Pas op!

Nou is sy grof, net nou weer fyn,
Pas op! pas op!
Betrou haar nou,
Dan fop sy jou.

Sy het twe ogies, bruin en saf,
Pas op!
Eers loer sy skuins en dan weer af,
Pas op! Pas op!
Sy sal jou fop,
Jou eselskop!

So fyn as gouddraad is haar haar,
Pas op!
En wat sy seg dit jok sy maar,
Pas op! Pas op!
Betrou haar nou,
Dan fop sy jou!

Haar halsie is so wit as ys.
Pas op!
Sy weet oek hoeveel sy moet wys,
Pas op! Pas op!
Betrou jy haar,
Dan is dit klaar.

En geef sy jou een mooië kans,
Pas op;
Want *vraag* jy haar... dan draai sy om,
En jy 's gefop.
Daar loop jy heen
Met 'n blouwe skoen!

MAAK OOP JOU OGE!

Hoor, vriende, hier is wat te lees ;
 Eens op 'n tyd was daar gewees—
 (Mar ek glo sy lewe nou oek nog)
 Een mooi klein meisie... mar 'n bog.
 Wil jy nie wees deur haar bedroge,
 Ek raai jou maak dan oop jou oge !

Sy het tye ogies swart, mar sag,
 'n Lelik mond, mar gou ver lag ;
 Dis valse tande wat jy siet !
 Rooi wange, mar dis *haar* kleur niet.
 Wil jy ges kat in sak jou kope,
 Maak dan mar goed jou oge ope.

Sy lat haar swart haar krullend hang,
 Ver strikke om harte in te vang.
 Sy 's altyd vrindelik met elkeen,
 En sleep so bang jonkmans heen.
 Sy ken haar iis, jul' raak bedroge ;
 Betrou haar nie, maak oop jul' oge !

Haar kuns geluk. sy 't vrind op vrind,
 Wat sy deur vrind'likheid verblind,
 Of molik oek met suikergoed,
 Of wie weet waarmee sy dit doet !
 'n Mens is eer jy weet bedroge,
 Rek, rek nog grooter oop jul' oge !

Van tron daar hoor sy grag van praat,
 Mar self te doen lyk of sy haat ;
 Verlowe ja... om te perbeer.
 Mar gou breek sy haar woortjie weer.
 Gaat jy by haar om die soort sake,
 Jy moet jou oge goed oop make.

Sy's nie terrede met é'n bou,
 Met baing—maar elkeen kryg 'n blou;
 En kom sy dan in nood of kwaad,
 Dan 's mooi te praat haar eerste raad.
 Daarom, daaronder maak oop jou oge!
 Die oudste rot raak oek bedroge!

Ontvlug haar, vrinde lat haar loop;
 Sy sal haar grille duur bekoop.
 Die gour is gon af van die blom,
 Dan neem sy net wie mar wil kom,
 Ja, sny haar stompoor, lat haar lope!
 Maak eer jul' vry jul' oge ope!

UITNODIGING AN ANNIE.

Myn huisie is wel baing klein,
 Mar is tog regte net en rein
 Daar's kos in huis en vé op stal,
 En het gebrek an nimenlal

Een eikeboom staat voor myn deur
 Daar sit ek somtyds wel en treur, —
 Die boom keer wind en sonneskyn
 Dis al te mooi, die huis van myn.

En leg ek smorgens nog te droom,
 Dan sing die vogels in myn boom.
 Jy kan nie langs myn huisie gaan
 Of jy sal luister en bly staan!

Die water uit die waterval
 Loop vlak voorby skoon as kristal.
 Ek woon daar heeltemaal alleen,
 Mar langer hou ek dit nie—neen!

Ek is daar koning, vors en heer,
 En steur myn an gen wind en weer.
 'k Kan bed opmaak, karnatjio braai,
 En slaap tot dat die hoenders kraai.

Mar Annie lief, wat ek bemin,
 Kom woon by my as koningin!
 Dis alles wat myn hart nog wens
 Dan is ek een gelukkig mens.

MYN VROUTJIE HET 'N SEUN GEKRY.

Ek is so bly, ek is so bly,
 Myn vrouwtjie het 'n seun gekry,
 Hy lyk percies nes ek;
 Hy het myn oge, rond en neus
 En is 'n dikke vette reus,—
 Ek is so in myn skik.

Myn pa is bly, myn ma is bly,
 Myn vrous familie oek daarby,
 Hull' kry nie klaar met kyk;
 Van morrens vroeg tot savons laat
 Hoor ek maar hoe die mense praat,
 Dat hy so na myn lyk.

Partykeer huil hy: *wa owa!*
 En trek syn lippies nes syn ma,
 Mar anders is hy soet.
 Die skapie is so reg gesond,
 Hy kyk so slim die kamer rond,
 En suig en slaap so goed.

Johannes sal ons hom laat doop,—
 Syn jurkie is al lank gekoop,
 Myn nuw manél is klaar.
 Oom Jannie sal ons peetoom maak,
 Want anders is die ou geraak,—
 Syn pitjes in gevaar.

'n Dokter en 'n predikant
 Is allernoodigst in ons land;

Maar oek 'n advokaat—
 Of hy nou een van drie sal wees,
 Dit sal jul' later oek wel lees,—
 Eers sien hoe hy kan *pruut*!

Nu lesers van die *PAIRIOT*,
 Een enkel woordjie nog tot slot,
 Dan eindig ek myn taak :
 Ek wens jul seantjies mooi en fris,
 Maar, dat jul oek so dankbaar is
 AS JAN, WAT VERSIES MAAK!

VER DOPSTEKERS.

Op Afrikas grond
 Staat 'n boom o'erals rond ;
 Hy is klein van persoon,
 Mar groter van kroon ;
 Krom is hy van hout ;
 Dis daarom gen fout ;
 Syn bessies is rond
 En regte gesond ;
 Ons eet hom oek graag,
 Hy 's goed ver die maag ;
 Ons druk hom oek fyn
 Ver wyn en asyn ;
 Dan neem ons weer tyd
 En kook nou konfyt ;
 Ons kook hom oek fris
 Met houtjies en mis ;
 Die wasem trek op
 In die ketel syn kop ;
 Hy kom deur die slang
 Nou, mense, wort bang

Dis nou nie meer mos,
 Dis nou nie meer kos ;

Hy is nou net sterk,
 Hy sal met jou werk;
 Versigtig, pas op,
 Hy sal jou nou fop;
 Hy is nou gekook,
 Hy is nou gestook,
 Hy lyk nie so kwaai,
 Mar wat ek jou raai.
 Pas op nou, ou paai,
 Hy kom met een draai;
 Want as jy hom drink,
 Jou asem wort stink,
 Jou longe verbrand,
 Jy het geen versand.
 Dan mors jy jou geld,
 Jy verarm met geweld;
 Jou klere is vuil,
 Jou vrouwtjie die haai,

Die bier en die wyn
 Moet bietjie mar syn,
 Gebruik die nie meer
 As om kos te verteer;
 Gebruik dan mar één—
 Net savons alleen,
 Die beste, ver my,
 Set alles op sy;
 Drink koffie en tee,
 Jou vrou drink dan me.
 Myn lieve ou maat,
 Hoor nou na myn raad:
 Lat drank tog mar bly,
 Jou familie moet ly;
 Laat drank tog mar los,
 Want dan het jy kos:
 Jou vrouwtjie is bly,
 Haar wens is verkry;

Laat ons jou nie sien
 In stoor of kantien,
 Blyf hiewers tog tuis
 By vroultjie in huis ;
 En as jy dan werk,
 Dan is jy oek sterk.

Myn liewe ou paai
 Wees tog nie so laai ;
 Jou kinders die hui!,
 Jou klere wort vuil ;
 Die boom is wel krom,
 Mar jy is nie stom ;
 Ek het jou vermaan,
 Ek hoop dit sal gaan ;
 Nou seg jy : "Myn man,
 Ek wil as ek kan."
 Mar neem tog myn raad.
 Myn liewe ou maat ;
 Strý jy mar niet mag,
 Dan kry jy oek krug ;
 Wort nie ver myn kwaad,
 Ek gé jou mar raad ;
 Goei naand nou, myn kind ;
 Ek is mos jou vriend !

A — is myn naam,
 H— is myn van,
 Raai dit as jy kan !

OPENING VAN KOGMANS KLOOF.

Die Kloof is nou klaar ;
 Dis seker tog waar ;
 Die fees uur is daar ;
 Die pluimvee is gaar.

Kom wees nou verblyd,
Myn vrinde dis tyd;
Die feest is gespryd,
Dis alles beryd.

'n Heildronk te drink—
Die glasio geklink,
Die wyn non geskink,
So rood en so blink.

Lof sy nou die Heer,
Die alles regcer!
Viktoria, meer,
Gesondheid en eer.

Geagte Magistraat,
Lede van die Raad,
Dis 'n goeje daad,
Nou om van te praat.

Lang was daar gestry,
'N pad te kan kry,
Om maklik te ry;
Nou, vrinde, wees bly!

Die Kloof is gedoop;
Die Tnnnel is oop;
Die bulte gesloop;
Non kan ons laat loop.

Die werk was nie klyn;
Die ere moet syn;
By bier en by wyn,
Meneer Handy en Bain.

Meneer Handy is sterk,
Getrouw as 'n klerk,
Gereeld in syn werk,
Dit het ons bemerk.

Die werk is voltooi ;
 Die pad is nou mooi,
 Van klip en van sooi,
 Met gruis o'ergestrooi.

Kom, dames, nou hier ;
 Van dag kan ons swier,
 Doet ons die plesier.
 Bring same die bier.

Nou juig ons en staan ;
 Die tyd kom oek aan,
 Dat spoortryn sal gaan,
 Op Montagu's baan.

Die Montagu wyn,
 Moet beter nou syn,
 Dan kry ons die tryn,
 En gou skryf syn lyn.

Ja, Tillegraaf draad,
 Waarme hulle praat,
 Die goed en die kwaat,
 Kom vroeger of laat.

Die Boer moet nou meer,
 Syn plaas kultifeer,
 Hy moet oek probeer,
 Meer te produseer.

Want wat sal ons baat,
 'N pad soos 'n straat,
 Alles na die staat,—
 Maar plase verlaat!

Ne, dit sal nie gaan,
 Boer is ons bestaan,
 Vas hou ons daaraan,
 Arbeid is ons faan.

Ja, plase ontgin,
 Duar sit voordeel in;
 Ons motte begin:
 "Arbeid overwin!"

Die kinders te leer,
 Tale te regeer,
 En arbeid te eer,
 Is wat ons wardeer.

Ek het nie gestuit,
 Myn liet is nou nit;
 Nou tot die besluit,
 'n Juigkreet geuit.

Laat kes nou maar lê.
 Ek wil nou graag hê,
 Dat almal moet sê,
 Hiep, hiep, hiep, hoerê.

'N WARE PROFESIE.

[In die 15de eeu het in Engeland 'n beroemde waarsegster gewoon genoem Mooder Shipton. Uit 'n oue boek in die Britse Museum is die vollende profesie genoem, wat ons hier vertaal. Die profesie is ordentelik goed al uitgekom deur die uitvindings van onse dage. Denk mar an die telegraaf o'er die land en onder die sé, an die spoorwege, lugballe, yerskepe, ens. Veral die ontdekking van goud in Australie, Amerika, en selfs hier in Afrika, bevestig dit. Mar dis daarom nie te sé dat die 2 laaste regels ook moet waar wees nie. Hier volg die profesie:—

Wa'ens sal sonder pêrde ry,
 Mense orgeluk lat kry.
 Woord sal vlieg nes ons gedagte,
 Water toon dan vreemde kragte.

Onder bome goud vergaar.
Heel die wereld deur makear;
Sal deur berge in die tyje,
Mense sonder perde ryje;
Onder water sal hul' gaan.
Loop en ry en praat en staan.
Mense in die lug sal swewe,
Yster op die see gedrewe,
Net so's hont nou op 'n golf,
Nuwe land wort goud gedolf.
Vuur en water d' aard omkere,
In England kom 'n Jood tot ere,
Aard' vergaat, dit is waaragtig,
Agtien honderd één en tagtig.

LIED VAN DIE DIAMAND.

Uit die Vrystaatse Magazine.

Ek kom uit die donkere aard aan die lig,
Volmaak in myn skoonheid, fraai ver die gesig,
Ver goed of ver kwaad, met myn glimlag so
koud,
Begroet ek die vinder veel meer nog as goud.
Ek het grote mag, en bring rykdom daarby,
Die vriend is—geen ding kan jy kostbaarder kry.
In konings hull' krone, op dames hull' hoof
Daar blink ek en wort van myn glans nie beroof.

An hande so mooi en so wit as die sne,
 Kan ek ongekende bekoorlikheid ge.
 Op vlegsels van dames, met hare so blond,
 Daarskynek met glans van die sterre in d'rond,
 Die hand tog, hoe mooi ook, verkrimp en word
 oud,
 Die lokke, so fraai nou, val uit en vergraad,

Maar ek word nie dof, maak myn glans ook nie
 kwyd,
 Ek tart nit die ewe, ek daag uit die tyd.

Wat is ek? En skyn ek ook nou nog van daag
 So mooi as voor Adam syn tyd word gevraag.
 'n Blom van die bajert, verberg in die nag,
 In lewe geroep deur die lig in syn krag,
 'n Traan van die aard eer die tyd nog begon,
 In skoonheid gesien deur die stralende son?
 Ek geef jou gen antwoord, dit kan ik ook niet,
 Die natuur syn geheim is te groot so's jy siet.

'n Deel van die skepping so wondervol groot,
 Ek fluister, o siel van die mense in nood.
 Kan jy nie myn waarde? ek is tog van oud.
 'n Ding van meer suiwere waarde dan goud.
 Tog sal ek verdwyn, ja een dag tie ek af,
 As die wereld vergaan, ja dan vind ek myn graf.
 Mar, o siel, jy blyf lewe, jy kan nie vergaan,
 Voor ewig en ewig moet jy bly bestaan.
 Gedenk jy daar wel aan, o siel! die dit lees,
 Wat eenmaal jou toestand hier namaals sal woes?
 O sta tog wat stil! Lei jou pad hier beneen,
 Na die ewige lig of die duisternis heen?
 Waar staat nou jou voet, in die dwaasheid syn
 [net,
 Of is die op pad van die wysheid geset?
 Ek blink en ek skyn in die stilte mar voort,
 En geef jou, o siel! die vermanende woord.

